




CACHET
GEREFORMEERDE KERK

24 April 2022



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikante

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com
Ds Noah Kim – 082 593 6428;
solaprochristo@hotmail.com

Kontakpersone & Inligting **Susters:**

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com
Jonette Terblanche – 071 563 5165
Jonetteterblanche@gmail.com

Koster en PowerPoint:

Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Pieter Deysel –
079 695 0027

**Preekopnames:**

<http://gkcachet.org.za/preke/>

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**

<https://npwepener.wixsite.com/website>

**Hulppredikante:**

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

Jubila-voorsitter:

Frikkie Deysel – 079 695 0119
Frikkie4deysel@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Oggenddiens

Ds. Brahm Robinson

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:1-4

Tema: Geesvervulde ouers en kinders



[Uitsending](#)



Aanddiens

Floris van Staden

Skrifgedeelte: Jeremia 7:1-15

Tema: God gee ons perspektief op ons aanbidding, sodat
ons Hom met ons hele lewe kan aanbid



[Uitsending](#)



gedagte vir die week

Gebroke hart en gans verslae gees –
dit is u offers, Heer! Geen altaardiere,
geen bloed of vet van kleinvee of van stiere,
kan voor u oog die ware offers wees.

Psalm 51:8a (Totius)

Lief en Leed:

- † Jandré en Marisa de Wet se dogtertjie, Sumeri, word Sondag tydens die oggenddiens gedoop. Baie geluk!



- † Paul en Ntswaki Molete se kinders, Phunyeletso en Letlepu, word Sondag tydens die Engelse diens gedoop. Baie geluk!



- † Baie geluk aan Kenneth Boy en Sumé Venter wat verloof geraak het.




Liefdegawes:

Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:



Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:


<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>
Oggend 1ste kollekte:
 Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid (deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:


<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>
Aand 2de kollekte:
 Teologiese Studentekas

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Teologiese Studentekas (deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:


<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>

ABSA Tjekrekening
 0670340023
 Takkode: 335138
 Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

24 April Kayla Sampson

29 April Jaco Mulder

25 April Patricia Ndiwoneyi

29 April David Prinsloo

26 April JP van Staden

30 April Pieter Jansen

28 April Mduduzi Mahlangu

30 April Marilette Spoelstra

wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
 die mensekind wat U so ryk beskenk het!

Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
 skaars minder as die eng'le om u troon.

Psalm 8:4



Administratief



Eredienstye volgende Sondag (1 Mei 2022)

As gevolg van die langnaweek sal daar volgende Sondag, 1 Mei, 'n gesamentlike oggenddiens om 10:00 in Engels wees. Die aanddiens sal om 18:00 in Afrikaans plaasvind.

DIE TEOLOGIESE STUDENTE
VERENIGING BIED AAN:

U WOORD IS N LAMP VIR MY VOET EN N LIG VIR MY PAD

'N LOFSANGAAND WAAR ONS DEUR
DIE PSALM 119-BERYMING (1936) SING

05 Mei 2022

17:30 vir 18:00

Gereformeerde Kerk Potchefstroom

(33 Walter Sisulu Ln, Potchefstroom)

Program sal binnekort volg





GK Daspoort nooi u
hartlik uit na ons eerste

DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Tema:

Die HEILIGHEID van God

10-12 Junie 2022

Gereformeerde Kerk Daspoort

728 Jenningsstraat

Daspoort

Sprekers:

- Ds. Kosie Henning
- Prof. Henk Stoker
- Ds. Cobus Rossouw
- Ds. Piet le Roux
- Ds. Wiku van Rooyen

Registrasie is
GRATIS!

Wat beteken die
Heiligheid van God
vir jou as gelowige??

Registreer asb voor 3 Junie by
www.gkdaspoort.co.za/konferensie
om jou plek te bespreek!

Fanie Viljoen - 082 473 1552

Japie Venter - 082 823 8019

Veilige parkering / Kinderoppassers beskikbaar.



DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Die HEILIGHEID van God

Gereformeerde Kerk Daspoort

PROGRAM

10 Junie 2022

17:00 - 18:00	Ontvangs en inskrywings
18:00 - 18:30	Opening en verwelkoming
18:30 - 19:30	Sessie 1: Die Heiligheid van God gedefinieer - Ds. Kosie Henning
19:30 - 19:45	Pouse
19:45 - 20:45	Sessie 2: Sondaars voor 'n Heilige God - Ds. Cobus Rossouw

11 Junie 2022

08:00 - 08:30	Koffie en beskuit
08:30 - 09:30	Sessie 3: Wees Heilig, want Ek is Heilig - Prof. Henk Stoker
09:30 - 09:45	Pouse
09:45 - 10:45	Sessie 4: Die Heiligheid van God in gebed - Ds. Wiku van Rooyen
10:45 - 11:15	Pouse
11:15 - 12:15	Sessie 5: Die Heiligheid van God in die huwelik - Ds. Pieter le Roux
12:15 - 12:30	Pouse
12:30 - 13:30	Paneelbespreking oor praktiese vraagstukke aangaande die Heiligheid van God.

12 Junie 2022

09:00	Erediens met tema: Hoe ken ons die Heilige God - Ds. Kosie Henning
-------	---



dieSDDS van die GKSA
die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake

21 APRIL 2022

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA

Geagte Voorsitter en Diakonie

IS: Noodtoestand in KwaZulu-Natal

Op 18 April 2022 het President Ramaphosa 'n nasionale ramptoestand aangekondig in reaksie op die reën wat vanaf 11 April in groot dele van KwaZulu-Natal geval het en grootskaalse verwoesting gesaai het.

Ons gebede gaan uit aan elke individu, gesin, gemeente en besigheid wat deur hierdie weersomstandighede geraak is.

Die SDDS is tans in kontak met die gemeentes in Klassis Kwazulu-Natal Suid om 'n behoefte bepaling te doen vir hulp. Ons is dankbaar teenoor die Here dat diakonieë tot op hede die nood wat in gemeentes ontstaan het effektief kon aanspreek.

Dit het egter duidelik geword dat die groot nood op die huidige stadium nie in die gemeentes is nie, maar in die breër gemeenskap. Die SDDS is besig om in samewerking met Klassis KwaZulu-Natal Suid betroubare weë te vind om hulp effektief by die noodlydendes uit te kry.

Indien u gemeente 'n bydrae vir die hulpfonds wil maak kan u vir Anri Kotzee kontak by sdds@gksa.co.za vir die SDDS se bankbesonderhede. Indien u reeds die regte besonderhede het kan u asb die verwysing Natal Vloede gebruik en bewys van betaling na dieselfde adres stuur.

Ons sal u deurgaans in kennis stel indien die situasie enigsins verander of daar meer spesifieke behoeftes aan die lig kom.

U broer in Christus,

Ds. Fritz Potgieter

Voorsitter: SDDS

Sinodale Deputate vir Diakonale Sake

Ingelyfde maatskappy kragtens Art 21 van die Maatskappy wet (NPO Verw.: 036-927)
Registrasie nr. 1947/026814/08
Posbus 20004, Noordbrug, 2522
Sel: 071 467 6571 epos: sdds@gksa.co.za



Moenie dat bitterheid jou verlam nie!

Nie net het ons die opdrag om te vergewe nie, maar om nie te vergewe nie kan tot bitterheid lei. Leer uit die verhaal van Naomi meer oor bitterheid en hoe om dit te voorkom. [Lees hier](#).



Beteken vergifnis outomaties versoening?



Die Bybel gee ons die opdrag om te vergewe. [In hierdie artikel](#) leer ons wat versoening volgens die Bybel is en hoe dit saam met vergifnis werk.

Deel die blye boodskap!

Wil jy hierdie e-tydskrif in jou kerk se nuusblad plaas of dit aanstuur? Klik op [hierdie skakel](#) om 'n PDF-dokument af te laai, met skakels na die onderskeie artikels, wat jy dan kan gebruik. Kyk ook op ons [webwerf](#): Elke artikel het 'n druk-opsie dat jy dit kan aflaai of uitdruk. Jy kan ook die artikels per e-pos of selfs Whatsapp deel!



PSAAM 9:1






Ek sal van ganser harte, HEER,

U wonders groot maak en U eer.



Ek sing omdat ek in U bly is,

aan wie my lofsang toegewy is.



DIE Goue KANDELAAR



'n Publikasie van die Teologiese
Studente Vereniging van die GKSA.

2022 Uitgawe 1

Hoe kan tokkelokke ander toerus
vir die ongelowige werksweë.

Man-wees volgens die Bybel.



Inhoudsopgawe



1. Brief van die Redakteur bl.3
2. Bybelstudie: Jakobus 1: 1-4 bl.5
3. Hoe kan teologiese studente ander toerus vir die ongelowige werkswêreld bl.7
4. Die gelowige jong werkend bl.9
5. Die Westminster Geloofsbelydenis bl.11
6. Die jare 2004-2010: (Gemiddelde) rugby en (Goeie) koffie bl.17
7. Boek Resensie oor Gereformeerde boeke – “The Necessity of Reforming the church” deur Johannes Calvin bl.19
8. “Beyond Good and Evil” van Nietzsche – ’n Meningstuk bl.21
9. Is politiek in U lig moontlik? bl.25
10. Petrus Waldo: ’n Vroeë hervormer bl.27
11. Wat beteken die “liefde” in naasteliefde? Is dit ’n ongekwalfiseerde liefde? bl.29
12. Man-wees volgens Die Bybel bl.33
13. Advertensies bl.37
14. Voorstelle en/of klagtes bl.42



Brief van die Redakteur

- Alistair van Heerden

In 2019 het die Teologiese Skool sy 150ste bestaansjaar gevier. Dit was tydens hierdie jaar wat finalejaar student Dirk Meijer saam met 'n klein redaksiespan besluit het om die Goue Kandelaar weer te laat druk. Die doel was dat die Teologiese Skool weer 'n jaarblad het, soos 30 jaar vantevore. Dirk het in 2019 begin as die eerste redakteur van dié heeleefde jaarblad, hy is egter nou predikant in Bloemfontein en gaan verdere studie doen in Dogmatiek. In 2020 was Peet van der Westhuizen redakteur gewees, hy wag vir 'n beroep nadat hy verder studie gedoen het in die GKSA se sinode geskiedenis. Verlede jaar (2021) was Schalk Buys die redakteur, hy dien steeds op die redaksie.

Ek het vanjaar die voorreg, na drie jaar op die redaksie, om die redakteur te wees, en as nuwe redakteur is daar bepaalde veranderinge wat ek aangebring het. Hierdie veranderinge glo ek sal tot voordeel wees vir die Teologiese Skool en die studente. Ek wil behou wat goed en mooi is en daarop verder bou met die nuwe ontwikkelinge van die Goue Kandelaar.

Daar gaan steeds 'n jaarblad verskyn aan die einde van die jaar wat gefokus gaan wees op foto's van die studente en die Teologiese Skool se lief en leed. Intussen gaan daar vier digitale teologiese tydskrifte verskyn, een vir elke kwartaal. Die doel hiervan is om die studente te laat groei in die Woord van die Here deur middel van deeglike Bybelse studies, en ook om hulle kennis in teologie te kweek en te verbreed.

Hierdie is die eerste van 2022 se vier uitgawes. Ek wil dit by elke student neerlê dat daar aan die einde van die uitgawe 'n platform is waar studente anoniem voorstelle kan maak vir nog artikels of vraagsukke vir die volgende uitgawe.

Saam met hierdie verandering het ons ook stappe geneem om ons Tswana broeders te ondersteun deur 'n Tswana vertaling van die Goue Kandelaar met addisionele artikels ook uit te gee. Ons elkeen het die verantwoordelikheid om ons moedertaal te bewaar. Dit is ongelukkig so dat ons nie almal in hulle moedertaal kan akkomodeer nie, al wat ons tans kan doen is om die Goue Kandelaar in die drie hoofte van ons skool te druk. Hierdie inisiatief gee ons ook nuwe geleenthede op die sendingsveld om uit te reik na diegene wat nie Afrikaans of Engels magtig is nie.

Ons as redaksie, en ek as redakteur is baie opgewonde vir die jaar wat voorlê. Ons vra vir elke student en professor se ondersteuning omdat ons hierdie vir die Teologiese Skool doen om daardeur die Naam van die Here te verheerlik.

Natuurlik was daar met ons eerste digitale uitgawe baie uitdagings omdat die redaksie steeds leer en ontwikkel. Ons wil aan verskeie behoeftes in ons skool voorsien, onder andere Bybelstudies, teologiese studies, relevante artikels vir die studente en grondslae van die Christelike geloof. Ons hoop is dat hierdie tydskrif 'n hulpmiddel is vir almal wat dit lees.

Ek wil eindig deur dankie te sê aan die redaksie wat saam met my werk hierdie jaar. Alles wat goed is in hierdie uitgawe is te danke aan hulle hardewerk en hulle ondersteuning. Al die foute in die inhoud en spelling is weens my nalatigheid. Ek is dankbaar vir Schalk, Philip en Brendan wat ondersteun het met die artikels skryf, werf en sorteer.

Ek is dankbaar vir Annelize wat die harde werk gehad het en nogsteeds het om hierdie Teologieseblad uit te lê sodat dit goed lyk. Dan die heel belangrikste, is ek en my span dankbaar aan die Here dat ons mag aanhou met hierdie inisiatief en hierdeur Bybelse waarheid en opbouende en stigtelike stof mag versprei tussen studente en persone daarbuite.



Van links na regs: Philip Wepener, Schalk Buys (Skriba), Alistair van Heerden (Redakteur), Brendan Vorster, Annelize Kriel (Grafika)(afwesig).



Bybelstudie: Jakobus 1: 1-4

- Marten Boersema

1 JAKOBUS, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete!

2 AG dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val,

3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.

4 Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en niks kortkom nie.

Tekstuele notas:

V1-3. Eie aan die Hellenistiese briefgenre, begin die skrywer met die bekendstelling van homself en dan ook die geadresseerdes. Hy groet hulle ook met die gebruiklike “charein” (Wees gegroet) infinitief. Die frase “die twaalf stamme”: het al veel debat ontlok, maar sal hier bloot beskou word as ‘n aanspreekvorm vir die Joodse Christene. Daar word dus nie aanvaar dat “twaalf stamme” op simboliese vlak na die kerk as geheel, diegene vanuit heidense afkoms ink Luis, as die nuwe Israel verwys word nie. Dit word onder andere grond op die vroeë aard van die brief en die geskiedkundig-belaaide byvoeging: “in die verstrooiing”.

V4. Jakobus is lief daarvoor om die begrip *teleios* (volmaak) te gebruik (1,17, 25. 3,2). Ons moet dus met sorg ondersoek instel wat hy daarmee bedoel in die verskillende kontekste van die brief. Hier in verse 1-4 is dit weliswaar van belang om te sien hoe hy direk sy boodskap in die klimaat van die bergrede plaas (Matt 5:48), ‘n gedeelte waarna hy verkeie kere implisiet en eksplisiet verwys.

Inleiding

Daar is min dinge so seker en so werklik soos pyn en lyding in hierdie bestaan waarin ons onself bevind. Die vraag aan elke persoon is dus nie of ons gaan ly nie, maar eerder hoé? Die bevel wat Jakobus, die halfbroer van Christus hier voor ons lê, is in kort die bevel

om reg te ly. Dit veronderstel: Almal ly, maar nie almal weet hoe om te ly nie.

Hierdie lyding, of in die taal van die teks, beproewinge, word in ons lewe gebring uit die hand van die groot Edelsmit. Soos die smeltkroes by suiwer goud pas, so pas beproewings by die “volmaakte gelowige”. Soos die oond goud suiwer, so is die vuur van beproewings ook God se keuringsmiddel waardeur Hy ons geloof toets en suiwer¹.

Jakobus, een van die kerkleiers in Jerusalem en selfs ‘n bloedverwant van Christus, wat dus baie het om vleeslik op te roem, verkies om homself te identifiseer as ‘n nederige slaaf van sy Here. As slaaf, wat in wese ‘n verkoopte identiteit het, verkoop om sy identiteit in sy Meester te vind, roep hy ander slawe op tot gehoorsaamheid aan hul Here in elke opsig selfs swaarkry.

Hulle Meester, wat graag in paradokse praat, roep die gelowiges paradoksaal op tot: Diepe blydschap in die midde van “**beprowings**”. Ja, met loutere, dit is oorvloedige vreugde, is hoe hulle die beproewings moet tegemoet

1 1 Pet 1: 6 Daarin verheug julle jul, al word julle nou — as dit nodig is — ‘n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge,⁷ sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus; 8 vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet

gaan. Hulle was as’t ware passief gegooi in die beproewings in, daarom sê die teks so konkreet, hulle het in allerhande beproewings **geval**. Tog moet hulle aktief reageer met daadwerklike blydschap in allerhande beproewings.

“**Allerhande**” wat letterlik, veelkleurige of-tewel, veelsoortige versoekings beteken. In verskeie terreine van hulle lewe word hulle deur die wêreld en, soos Jakobus later sal noem, deur die Satan self versoek¹. Hulle was onder maatskaplike druk en het sosiale verwerping aan die lyf gevoel. Daarom moet hulle hul spreekwoordelik gedra soos manne, die heupe omgord en wandel in lydsaamheid.

“**Lydsaamheid**” is in konkrete taal, die vermoë om lank onder ‘n groot las/gewig, te bly staan sonder om ineen te stort. Hulle moet soos die atleet sy spiere oefen, hulle wilskrag en dissipline inspan om vir lang tye onder stremming te kan voortbestaan. Hoe meer hulle dit doen, hoe beter sal hulle immers ly, nes die atleet wat swaarder gewigte kan op lig soos wat hy volhard in oefening.

Sou hulle nie hulself inspan om die gewig van hul swaarkry bo te hou in geduld en selfs blydschap nie, dan faal hulle daarin om reg te ly. Hulle sal eerder redeneer oor wie se skuld die las is, of hoe hulle veel eerder verdien om sonder enige las deur die lewe wou gaan. Hulle sal dan murmureer soos die heidene en dalk selfs verkeerd en mis die doel van die las wat hul Meester op hulle gelê het.

Sou ons hierdie opdrag van lydsaamheid opvolg, is daar die belofte dat hulle werke en gevolglik hulself volmaaktheid salbereik. Volmaak, sonder om iets kort te kom. Dit het niks te make met morele perfeksionisme nie. Die woord volmaak moet verstaan word as: om jou doel te bereik. Om ‘n betrokke taak te vervul, om dit tot sy voorgeskrewe konklusie/eindbestemming te bring.

1 Beproof kan ook as versoek vertaal word.

Tog gebruik ons in 1:2-12 eerder die woord beproef, omdat die gedeelte fokus op uiterlike aanvalle. Later in die hoofstuk 1:13-18, verskuif die aandag na die innerlike aanvalle wat die gelowiges deurmaak, wat beter met versoekings vertaal sou kon word.

In terme van geloof kan mens dan sê dit is om jou geloof te laat ontplooi en tot uitdrukking te laat kom tot in die verste en wydste implikasies daarvan. Sou die gelowige beproef word, en dit lydsaam verdra, dan sal hy die doel bereik van ‘n ware geloof, sy geloof sal dan volwasse wees en ontplooi het om ten volle in werke oor te loop.

As ons dan as onberispelikes voor God staan, dan sal ons ook niks kortkom nie. In geestelike integriteit, en volwassenheid sal ons gesonde en heel offers wees. Ons is immers deelgenote van die Lam na wie die vuil lig teen die hemele soos die sot. Diegene ly ons aard, deurdat ons daagliks geoffer word¹. En vir ons om ‘n welbehaaglike offer te wees, verwag onse God dat ons sonder gebrek sal wees, soos Hy ook vereis het met die offers van die ou verbond². Ons is sonder gebrek, as ons niks kortkom nie in die sin dat ons al die deugde wat by die Christen hoort, ten toon stel.

So sal die gelowige dan sy doel bereik en volmaak wees as hy ‘n lieflike geur vir sy Here is op die altaar van die daaglikse lyding.

Slot

Ja, die meule van onse God draai stadig en maal fyn, maar al sou Hy ons vergruis, sal ons Hom prys. Sou ons dan die vlamme in hierdie jammerdal sien, mag ons daardeur kyk en die gesig van ons Vader daaragter verwag. Ons moet oorlopenstoe vol wees van loutere blydschap, dat ons Meester hom so bemoei met sy kroos dat hy nie tevrede is met swak hulpelose kinders nie, maar eerder ons suiwer vir selfstandigheid en volheid van geloof.

1 Rom 12: 1 EK vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdienst.

2 Lev 21: 16 Die Here het Moses ook beveel: 17 “Sê vir Aäron: Geeneen van jou nakomelinge met ‘n liggaamlike tekortkoming mag ooit ‘n offer aan God bring nie.



Hoe kan teologiese studente ander toerus vir die ongelowige werkswêreld

- Emogene Meiring

Baie keer sit ons gelowiges in situasies by die werk en wonder ... “Wat maak ek nou?”, “Wat sê ek en hoe hanteer ek wat ek gesien of gehoor het?”. Meeste van die kere eindig ons dan ook op om eerder niks te doen nie, want ons weet nie wat om te doen nie. Ons lag eerder saam as om situasies aan te spreek. Partykeer praat ons selfs saam want wat kan ek nou anders sê as “want die Bybel sê so” en “ons Christene stem nie saam nie”. Ons ken dalk die verskil tussen reg en verkeerd beter, maar ons kan nie ons redes staaf nie. Vir ons gelowiges is Christelike waardes en veral die Woord van God meer as genoeg. Dit word ongelukkig deur ongelowiges geminag. Daar moet tog ander redes wees wat ongelowiges kan oortuig? God se wet is immers tot eer van Sy Naam, maar ook tot ons voordeel ingestel, nie waar nie?

Ek glo ons lewe in ‘n tyd waar die mens na rede en verduideliking verlang. ‘n Etiese of morele standaard moet eers verduidelik word voordat dit geglo, navolg of selfs aanvaar word. Die probleem is egter dat eenvoudige morele feite nie noodwendig so maklik deur ongelowiges aanvaar word, soos deur gelowiges, nie. Gelowiges aanvaar Bybelse gesag en godsvreesende etiek deur die krag van die Heilige Gees. Ongelowiges juis nie. So is daar maniere om hulle te laat deel kry aan die krag van die Gees? Is daar maniere wat Bybelse etiek, wat voordelig is vir die samelewing, ook vir ongelowiges so mag voorkom? Ek glo so, maar ek dink meeste gelowiges weet nie hoe om dit oor te dra nie... Ook nie, en veral nie, in kort en kragtige antwoorde nie.

Daarom moet gelowiges toegerus word, en veral ons ‘gewone gelowiges’ wat in die ongelowige werkswêreld ingaan. Ons moet toegerus word om spesifieke vraagstukke te kan antwoord, al kom dit nie op as vrae in gesprekke nie. Ons moet weet hoe om sondige temas te identifiseer. Asook hoe om hul effektief en liefdevol aan te spreek.

‘n Eerste stap in daardie rigting moet vir Teologiese studente wees om mede gelowiges toe te rus met vaste Bybelse kennis aangaande sondige temas. Dit is belangrik om in God se woord rede te kry vir alle vraagstukke. Sodra ‘n vaste verstaan van wat die Bybel sê oor vraagstukke kan gelowiges geleidelik word na die regte woorde om te gebruik in situasies waar aborsie, saambly voor die huwelik, lastering en so meer voorkom. Deur in diepte die Woord te ondersoek bied gelowiges die nodige selfvertroue om rede te kan gee wanneer stellings en gedrag deur ander bevraagteken word. Met Tematiese Bybelstudies kan die “Want die Bybel sê so” gesegde geruil word met rede stawende inligting vanuit die Bybel.

Die uitreik na mede gelowiges moet wel nie net by Bybelstudies stop nie, maar in die vorm van werksinkels (al is dit hoe informeel) uitvloei. Om braaivleisvure, in Steers terwyl jy vir jou hamburger wag, by die werk tydens ‘n koffie breuk. Hierdie is almal voorbeelde van praktiese omgewings waar Bybelse kennis toegepas kan word op ‘n effektiewe en liefdevolle wyse. Dit is belangrik om eerstens in aksie te sien hoe om so ‘n gesprek te lei, en tweedens, ‘n geleentheid te kry om self dan oor God se raadsplan vir ons lewens te gesels

en die Evangelie te deel.

Teologiese studente kan dus dan hierdeur medegelowiges nog verder toerus deur met voorbeeld te lei. Nie net in die gespreksvoering nie, maar ook in lewenswyse.

Alle gelowiges, hetsy ‘n gewone werkende of ‘n teologiese student, is getaak met die belangrike plig om ‘n lig in hierdie donker wêreld te wees.

‘n Lig is wel eers nuttig wanneer dit op ‘n staander geplaas word sodat almal rondom die lig kan sien, en daarvan gebruik te maak.

Teologiese studente is nog verder getaak met die belangrike werk om By jonge gelowiges uit te kom en hulle te help om hierdie lig nie net vir hulself te hou nie, maar om hom af te stof en op my lamp staander uit te sit vir almal om te sien.



Die gelowige jong werkende

- Germari Bos

In my grootwordjare het ek verskeie idees gehad oor wat “werk” nou eintlik behels.

As kind was “werk” net die plek waar my pa die hele dag was voor hy ons met wiskunde huiswerk kon help, en ek glo nie ek het my ma, wat ‘n juffrou by my skool was, se werk regtig as “werk” erken nie. As tiener kon ek nie verstaan hoe “werk” in baie gesinne en ook my eie die rede kon wees vir kortaf antwoorde en familiekonflik nie, en hoekom dit vir my ma so ‘n verligting was om te kon op-hou werk nie. En as student het ek nie mense geglo wat beweer het dat ek nou die meeste tyd van my lewe op hande het nie. Ek kon nie wag om my passie te leef elke dag en om slegs verplig te wees om in ‘n vasgestelde tyd te werk, in plaas van aande en naweke opvang op leerwerk nie.

Min het ek geweet wat die realiteit inhou. Ek het verlede jaar die werkersmag betree, en my idilliese idee van “werkure” is baie gou in die kiem gesmoor, en die werk-lewe skaal was lekker moeilik om te balanseer en het gereeld heel na die een kant toe oorgeleun.

Maar ook was ek nie voorbereid op die wonderlike vervulling wat werk vir ‘n mens kan gee, die vaardighede wat dit ‘n mens aanleer of die geleenthede wat dit bied om te getuig van die evangelie nie.

As ek terugdink, is daar ‘n paar lewenslesse wat ek moes leer, wat ek graag wil oordra aan die vir wie die werk ontnugtering nog voorlê, net om onnodige spanning te voorkom en die versteekte vreugdes voor oë te hou:

Op geestelike vlak:

1. Bid gedurig oor jou roeping by die werk. Die Here het ons gemaak om te werk, en om daarvan te hou, maar ongelukkig weens ons sondige natuur voel dit gereeld soos ‘n las. Ons moet gedurig herinner word daaraan dat dit ‘n voorreg is om te kan werk en die Here op die manier te verheerlik.
2. Wees ‘n lig in jou werksplek. Die kans is goed dat jou kollegas hulle ontevredenheid en negatiewe gedagtes rondom werk gaan lug, en dis ‘n goeie geleentheid om die vaardigheid van positiewe denke en volgehoue vriendelikheid en diensbaarheid te beoefen, sodat jy anders lyk en praat en die Here se karakter weerspieël.
3. Gebruik gepaste geleenthede om die evangelie of die effek van die evangelie op jou lewe te deel. Dit is soms baie uitdagend, met soveel verskillende opinies en gelowe om jou, maar deur eerlike optrede, doelbewuste wegdraai van verkeerde praktyke en ware omgee vir jou kliënte, kollegas, die skoonmakers en mense wat onder jou werk, kan jy geleenthede vir waardevolle gesprekke oopmaak.
4. Maak tyd vir Bybelstudie. Dit raak baie besig, en mens kan maklik baie aktiwiteite afstel of verskoning maak om nie Bybelstudie toe te gaan nie, maar dis baie belangrik om geestelik gevoed te word en die gemeenskap van gelowiges te ervaar. As daar een ding is wat jy nie moet afstel nie, is dit een Bybelstudie tyd in die week

Op emosionele vlak:

1. Skeduleer vir jouself nie-werktyd in. Dis baie belangrik om af te skakel, al is dit ‘n uur vir ete of ‘n halfuur vir koffie drink.
2. As jy kan, werk hard in die week, sodat jy oor naweke tyd het vir jouself, vir vriende en om ander huistakies te doen.
3. Rus op ‘n Sondag. Die Here gee spesifiek ‘n hele dag om weer verfris te word vir die volgende week se werk. Doen moeite om die eredienste by te woon, maak ‘n tydjie vir persoonlike Bybelstudie, reflekteer op die vorige week se bedrywigheide en berei jouself voor vir die volgende week s’n. Dis wonderlik om hard te kan werk en uit te sien na ‘n dag spesifiek bedoel vir rus.

Op ‘n praktiese vlak:

1. Gaan sien ‘n medies fonds adviseur. Die konsultasie is gratis en hulle kan na jou behoeftes kyk, en al die planne van verskillende mediese fondse wat ooreenstem met jou behoefte vir jou trek en met mekaar vergelyk. Hulle hanteer dan ook jou dokumentasie en eise, sonder dat dit jou enigiets kos. Skakel onnodige spanning en administrasie uit!
2. Gaan sien iemand oor jou finansies en hoe jy effektief kan spaar en begroot en wat en hoe jy alles van belasting kan aftrek en terugeis. Al is dit net iemand wat hulle eie finansies goed bestuur, of iemand wat ‘n finansiële rigting geswot het, kry soveel as moontlik raad en bestuur jou geld wys.
3. Praat met ander gelowiges oor die uitdaginge van werk wat hulle ervaar. Jy is nie die eerste of laaste mens wat begin werk nie, en ander mense het reeds ‘n klomp dinge geleer wat jy kan gebruik om die aanpassing net effens makliker te maak, en die wete dat jy saam met ander die goeie stryd in die werksplek stry is waarlik ‘n troos.


Om te kan werk is ‘n gawe en ‘n opdrag, en daarmee saam kom daar altyd verantwoordelikhede en uitdagings - gryp dit aan, leer by die wat voor jou begin werk het en dien die Here met die werk wat Hy jou gegee het.



Die Westminster Geloofsbelydenis

- Brendan Vorster

Daar kan baie wonderlike dinge oor Gereformeerde teologie gesê word. Een van die beste elemente van hierdie tipe teologie is dat dit konfessioneel is. Dit beteken: In Gereformeerde teologie onderskryf ons sekere belydenisse van geloof wat oor die eeue ontstaan het. Ons aanvaar dit nie omdat hulle enigsins op hulle eie gesagvol is nie, maar omdat ons glo dat hulle die Bybel akkuraat saamvat. In die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) glo ons dit is Drie Formuliere van Enigheid (Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leereëls) wat fundamentele Bybelse waarhede getrou saamvat.



Al onderskryf ons slegs hierdie drie belydenisse, moet ons onthou dat daar ook ander Gereformeerde geloofsbelydenisse bestaan wat skrifgetrou is. Een sulke belydenis is die Westminster Geloofsbelydenis (hierna WGB). En dit is hierdie geloofsbelydenis wat ons in hierdie artikel gaan bespreek.

Waarom onderskryf ons die Drie Formuliere van Enigheid, maar nie die WGB nie?

Die eerste antwoord op hierdie vraag is dat hierdie twee groepe belydenisskrifte in verskillende kontekste en gebiede ontstaan het. Die Heidelbergse Kategismus het in Duitsland ontstaan, die Nederlandse Geloofsbelydenis in die Suidelike Nederlande (vandag België) en die Dordtse Leereëls in Dordrecht, Nederland. Dit is waarom hulle gereeld die kontinentale belydenisskrifte genoem word (Hanko, 1992). Die WGB het egter nie op die kontinent ontstaan nie, maar in Groot-Brittanje (Hanko, 1992). Die standpunt kan gemaak word dat hierdie twee groepe belydenisskrifte binne verskillende vertakings van die Reformasie ontstaan het.

Dit mag dalk vreemd klink, maar wanneer ons navorsing oor hierdie verskillende belydenisskrifte doen, kom ons tot die besef dat ons nie te doen het met een Reformasie nie, maar met talle reformasies (Nichols, s.a.). Alhoewel die verskillende vertakings van die Reformasie wel met mekaar oor dinge soos kerkpolitiek en kerkpraktyk verskil het, was hulle vir die groter meerderheid in ooreenstemming met mekaar (Nichols, s.a.).

Die tweede antwoord op hierdie vraag is: Alhoewel die Westminster Geloofsbelydenis 'n Skrifgetroue dokument is, en selfs meer uitgebrei rondom sekere kwessies (Hanko, 1992), glo ons, as die GKSA, dat die Drie Formuliere van Enigheid vir ons genoegsaam is om ons geloof te kan bely. Dit is duidelik dat die Drie Formuliere van Enigheid en die WGB in verskillende gebiede en kontekste ontstaan het. Dit is ook duidelik dat die Drie Formuliere van

Enigheid vir ons, as Gerformeerde Kerk, genoegsaam is om ons geloof te bely. Die Westminster Geloofsbelydenis is egter steeds 'n briljante voorbeeld van Skrifgetroue, Gereformeerde teologie. Daarom kan dit ons, as gereformeerde teologiese studente, nie net baat nie, maar is dit belangrik dat ons dit lees en bestudeer.

'n Kort agtergrond van die Westminster Geloofsbelydenis:

Ek het reeds vroeër genoem dat die Westminster Geloofsbelydenis in Groot-Brittanje ontstaan het. In daardie tyd was koning Charles I aan bewind. Oorspronklik het hy sukses behaal in sy pogings om prelasie af te dwing op Engeland, Ierland en Skotland (Hanko, 1992). Sy voorspoed was egter van korte duur, veral toe Skotse soldate teen hom en sy koninklike troepe in opstand gekom het (Hanko, 1992). Binnekort sou die sogenaamde Puriteine styg tot 'n prominente posisie in beide die weermag en die land as geheel (Hanko, 1992). In die jaar 1643, na jare se onrus tussen koning Charles I en sy toenemende Puriteinse Parlement, het die Westminster Vergadering uiteindelik vir die eerste keer byeen gekom (Beeke & Ferguson, 1999:xii).

Dit was die sogenaamde Long Parliament (waartoe die Puriteine die meerderheid mense verkies het) wat die Westminster Vergadering byeen geroep het (Hanko, 1992). Die afgevaardigdes sou oorspronklik die 39 Artikels van die Kerk van Engeland hersien, maar later sou hulle daarvoor verantwoordelik wees om teologiese en kerklike leerstellings te formuleer wat meer harmonie tussen die Kerk van Engeland en die Presbiteriaanse Kerk van Skotland tot stand sou bring (Beeke & Ferguson, 1999:xii). Dit was die taak van die afgevaardigdes om eenheid, in terme van aanbidding en kerkpolitiek, tot stand te bring in die koningryke van Engeland, Ierland en Skotland (Hanko, 1992). Die afgevaardigdes sou eers vergader in die Kapel van koning Henry VII en later in die Jerusalemgebou by Westminster Abbey in London (Beeke & Ferguson, 1999:xii).

Dit is interessant dat daar nie slegs afgevaardigdes van Presbiteriaanse oortuiging was nie, maar ook Episcopalians, Independents en Erastians (Beeke & Ferguson, 1999:xii; Hanko, 1992). En tog was die Presbiteriane en Puriteine die meerderheid van die 151 teoloë wat teenwoordig was (Got Questions Ministries, s.a.).

Die vergaderings het bestaan uit gesprekke in die oggende, kommittee-werk in die middag, bykomende aanbiddingsbyeenkomste, dae van vas, ens. (Beeke & Ferguson, 1999:xii). Die vrug van hierdie vergaderings was nie slegs die Westminster Geloofsbelydenis nie, maar ook 'n Groter Kategismus (bedoel vir prediking), 'n Korter Kategismus (bedoel vir katagese) en 'n Aanwysing vir Publieke Aanbidding.

Die eienskappe van die Westminster Geloofsbelydenis:

Alhoewel die Westminster Vergadering nie alleen uit Presbiteriane bestaan het nie, was die produk van die Vergadering 'n Presbiteriaanse dokument (Hanko, 1992). Die belydenis bevat ook 'n baie sterk Puriteinse element. Dit was duidelik die doel van die Parlement en die Vergadering om Puriteinse teologie en kerkpolitiek die fondasie van die koningryke van Engeland, Ierland en Skotland te maak. (Hanko, 1992). Die Puriteinse element kan, byvoorbeeld, gesien word in die belydenis se benadering tot die Sabbat (Hanko, 1992). Alhoewel daar klein verskille tussen die WGB en die Drie Formuliere van Enigheid is, is beide groepe belydenisse uitstekende voorbeelde van Gereformeerde Teologie.

Kyk na die tabel hieronder en neem in ag hoe die twee groep met mekaar ooreenstem ten opsigte van sekere Bybelse leerstellings:

Nota: Aangesien die Westminster Geloofsbelydenis slegs in Engels beskikbaar is, het ek besluit om die aanhalings vanuit hierdie dokument, sowel as die aanhalings vanuit die Drie Formuliere van Enigheid, in Engels weer te gee.

Die Heilige Skrif:

WGB: Die volle raad van God met betrekking tot alle dinge wat nodig is vir sy heerlikheid, die saligheid van die mens, en die geloof en lewe, is uitdruklik opgeteken in die Skrif (I.6)	Nederlandse Geloofsbelydenis: Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. (Artikel 7)
--	--

Uitverkiesing en Predestinasie:

WGB: Diegene van die mensekinders wat tot die ewige lewe uitverkies is, het God voor die grondlegging van die wêreld volgens die ewige en onveranderlike doel en die verborge raad en welbehae van sy wil, in Christus verkies tot die ewige heerlikheid, uit sy louter vrye genade en lief (III, 5) ...sonder enige vooruitgesiene geloof of goeie werke of volharding in een van beide, of enige ander ding in die skepsel as voorwaardes of oorsake wat Hom daartoe sou beweeg nie...(III, 5)	Nederlandse Geloofsbelydenis: Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God. Daarvolgens het Hy nog voor die skepping, Het Hy uit volkome vrye welbehae van sy wil en uit louter genade, 'n sekere aantal mense uit die hele menslike geslag ...tot die saligheid in Christus uitverkies, God het Christus ook van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot Fondament van die saligheid gestel. (Kanon 1, artikel 7). Hierdie uitverkiesing het nie op grond van vooruitgesiene geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid van die mens tot stand gekom nie (Kanon 1, artikel 9).
---	---

Voorsienigheid:

WGB: God het van alle ewigheid, deur die alwyse en heilige raad van sy wil, vry en onveranderlik beskik wat daar moet geskied; nogtans so dat God geen Outeur van die sonde is nie, nog dat geweld aangedoen word aan die wil van die skepsels, nog dat die vryheid en toevalligheid van die tweede oorsake weggeneem word nie, maar eerder bevestig (III, 1)	Heidelbergse Kategismus: V: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God? A: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles, ons nie per toeval	Nederlandse Geloofsbelydenis: Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie.
---	---	---

Voorsienigheid (voortgesit):

	Heidelbergse Kategismus voortgesit: nie, maar uit sy Vaderhand toekom (HK, V&A 27)	Nederlandse Geloofsbelydenis voortgesit: Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie, Hy ook nie die skuld daarvoor nie. (Artikel 13)
--	--	--

Die Volharding van die Heiliges:

WGB: Diegene wat deur God in Sy Geliefde aange-neem is en kragdadig geroep en geheilig is deur Sy Gees, kan nie geheel en al of finaal afval uit die staat van genade nie; maar sal sekerlik daarin tot die einde toe volhard en sal ewiglik gered word (XVII, 1).	Dordtse Leereëls: Vanweë hierdie oorblyfsels van die in-wonende sonde, en ook vanweë die aanval-le van die wêreld en die Satan, kan die be-keerdes nie in die genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bevestig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig bewaar (Kanon V, artikel 3).
--	---

Ek het besluit om die ooreenkomste ten opsigte van hierdie spesifieke leerstellings weer te gee aangesien ek dit die troosrykste vind van alle Bybelse leerstellings. Daar is egter vele meer ooreenkomste tussen die WGB en die Drie Formuliere van Enigheid.

Die WGB en die Drie Formuliere van Enigheid: 'n Paar (verdere) ooreenkomste:

Ten opsigte van die leer van die Drie-Eenheid en die Persoon en nature van Christus, is daar geen wesenlike verskil tussen die WGB en die Drie Formuliere van Enigheid nie (Hanko, 1992). Die twee groepe belydenisse is ook in ooreenstemming ten opsigte van die Skepping, Sondeval, en die Verlossing van die Mens (Hanko, 1992).

Alhoewel die WGB meer uitbrei oor die Wet van God (XIX), die aflê van 'n eed (XXII), die owerhede (XXIII), ens. is daar geen belangrike verskille wanneer dit kom by die Kerk en die Laaste Oordeel nie (Hanko, 1992).

Die WGB en die Drie Formuliere van Enigheid: Enkele verskille:

Dit is nou egter ons plig om aandag te skenk aan die verskille tussen die twee groepe belydenisse, selfs al is daar heelwat minder verskille as ooreenkomste. Die WGB is, byvoorbeeld, meer prominent ten opsigte van die toerekening van sonde (V, 3) sowel as die toerekening van geregtigheid (XI, 1). (Hanko, 1992). In teenstelling met die Nederlandse Geloofsbelydenis, wy die WGB 'n hele hoofstuk aan die temas van vrye wil (IX) en goeie werke (XVI) (Hanko, 1992). Hierdie twee hoofstukke kan ons vandag baie baat aangesien dit handel oor twee baie kontroversiële temas. Die Westminster Vergadering het ook baie meer tyd en aandag spandeer aan die leer van die Bybel, sowel as die leer van die verbond (Hanko, 1992).

Dalk is dit gepas om hier 'n interessante feit van die WGB te noem: Die WGB is die enigste Gereformeerde belydenis van belang wat

die Pous die Antichris noem (XXV, 6) (Hanko, 1992).

Verder is daar die sogenaamde pastorale verskille tussen die WGB en die Drie Formuliere van Enigheid. Meeste van ons is vertrouwd met die agtergrond van ons drie belydenisskrifte. Die Nederlandse Geloofsbelydenis word geassosieer met vervolging en martelaarskap, die Dordtse Leereëls met die verdediging van die geloof teen verskriklike aanvalle en die Heidelbergse Kategismus met troos (Hanko, 1992). En dalk is dit waarom die Drie Formuliere van Enigheid sulke sterk pastorale fondasie het.

Dit wil egter voorkom asof hierdie element by die WGB ontbreek. Alhoewel dit geskryf was gedurende 'n tyd van oorlog en nasionale onrus, is die sinne meer objektief as pastoraal (Hanko, 1992). Alhoewel hierdie moontlik waar is, het my ervaring met die WGB my geleer dat dit die vermoë het om die Christen se hart warm te maak en sy gedagtes te troos.



Gevolgtrekking:

Daar is wel verskille tussen die Westminster Geloofsbelydenis en die Drie Formuliere van Enigheid, maar die verskille is nie van sulke aard dat daar nie harmonie tussen hierdie belydenisse kan bestaan nie (Hanko, 1992). Die teendeel is eintlik waar.

Die Westminster Geloofsbelydenis is ook streng Bybels en streng Gereformeerd. In ooreenstemming met die Drie Formuliere van Enigheid, is die WGB nie net in staat om ons akademiese kennis 'n groot hupstoot te gee nie, maar ook in staat om buitengewoon voordelig te wees vir ons geestelik pelgrims-tog. Ek het die Westminster Geloofsbelydenis al talle kere gelees en ervaar hoe dit my geloof versterk en my geestelike wonde van Bybelse medisyne verskaf.



Die GJV is kort vir die “Gereformeerde Jeugvereniging” en is tans nog net in Pretoria. Die doel van die Gereformeerde Jeugvereniging is om die jeug in die geleentheid te stel om hulleself onderling te oefen in alles wat kan bydra tot die vorming wat hulle nodig het om hulle roeping in die koninkryk van God, ooreenkomstig die eise van die Heilige Skrif, te vervul. Die Gereformeerde Jeugvereniging erken as grondslag die Heilige Skrif soos bely in die drie Formuliere van Enigheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leereëls), asook die Westminster Belydenisskrif.

Die GJV bereik sy doel deur, die geleentheid te skep vir die bestudering en toepassing van Skriftuurlike beginsels in alle lewens fasette & Die organisering van interkerklike aktiwiteite by wyse van kampe, toerusting, Bybelstudies ensomeer.

Die volgende datums is wanneer die GJV weer saam kom.

- GJV Aksie: 23 Julie 2022
- GJV Afsluit kamp: 23-26 September 2022

Die nodige kontak besonderhede rakende die GJV is soos volg:

Dominee Gerben Meijer - 062 279 4469

Nardus Buys - 076 413 7273

GJV e-pos - gjeugv@gmail.com



Die jare 2004-2010: (Gemiddelde) rugby en (Goeie) koffie

- Prof. Albert Coetsee

Mens dink dit sal nie somer gou met jou gebeur nie, maar voor jy jou oë uitvee begin jy 'n sin met die volgende woorde: "In my dae het ons"... "In my dae het ons" sus en so gedoen. "In my dae" was dinge anders. "In my dae" was alles goedkoper, makliker, eenvoudiger. Die tyd vlieg eenvoudig verby, en met die verloop daarvan verander sake. Dit is so onvermydelik soos die lewe.

As ek oor my eie jare as student by die TSP dink, is daar veral twee sake wat vir my uitstaan: teologiese rugby en koffie op die Bult.

Die oomblik wat ek van rugby praat, moet ek dinge kwalifiseer. Ek is nie 'n rugbyspeler nie. Ek het nie op skool rugby gespeel nie. Afgesien van die rugbywêreldbeker en ander belangrike wedstryde, het my gesin nie rugby gekyk nie. Dit was daarom vir my 'n nuwe wêreld wat oopgegaan het toe ek by die TSP opdaag as 'n eerstejaar in 2004 en ek hoor van die sogenaamde "Vier nasies" rugbytoernooi: 'n jaarlikse rugbytoernooi tussen die tokkelokke van die Fakulteite Teologie van die NWU, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Stellenbosch.

Jy moet jou die prentjie indink: Vier kleiner Fakulteite met beperkte, meestal onervare spelers wat jaarliks op 'n sekere plek byeenkom en "regte" kontakrugby teen mekaar speel. Beserings sou daar wees. In my eerste jaar van spel het een van ons spelers 'n sleutelbeen gebreek. In my derdejaar is ek gedui dat ek die vorige 24 uur nie kon onthou nie. In my vierdejaar het my goeie vriend en klasmaat (tans predikant in die dorp) sy duim

gebreek, en ek (tot my skaamte) my arm.

Wat het ons besiel om hieraan deel te neem? Vriendskap. Die vreugde van 'n gemeenskaplike doel voor oë. 'n Ongeëwenaarde samehorigheid. Die energie van die jeug gemeng met spoed en vaardigheid en geskerts. Dit was van die lekkerste tye van my studentelewe.

Dit is sekerlik nie belangrik om te noem dat ons feitlik elke jaar die toernooi gewen het nie. Die enigste jaar wat ons nie gewen het nie onthou ek goed. Ons het teen "ooms" gespeel wat so oud was soos ons pa's, met stoppelbaarde wat krap en 'n ongekende plesier in pyn en pyniging. Daar het ons die wysheid geleer om te onderskei tussen dit wat belangrik en dit wat belangriker is.

Die wen was egter 'n bysaak. Die werklike vreugde was in die "touchies" wat ons elke Dinsdag en Donderdag om 16:00 – winter en somer – op die Fanie gespeel het. Daar het ons 'n dag se klasdraf uitgesweet, en 'n hele klomp teologiese debatte opgelos. Dit is dáár waar ons die dag se gebeure verteer het en op 'n sinvolle, sistematiese (relatief gesproke – ons was steeds in ons vroeë twintigs) wyse uitgepluis het. Die groot waarhede wat ons dosente ons geleer het het dikwels tussen die bal vang en pass en hardloop grondgevat.

My tweede herinnering is nou verwant aan die eerste. Dit is ons jaargroep se (amper) daaglikse koffie-afspraak op die Bult. Café Fiori was ons klubhuis. Tussen klasse sou iemand vra: "Kry ons mekaar by die klubhuis?", en almal het geweet wat dit beteken:

'n cappuccino met skuim by Fiori terwyl ons of die laaste klasvoorbereiding doen, studeer vir 'n mondelinge eksamen of somer net gesels. Die plek was feitlik ons eie. Wie anders kon in die middel van die dag in 'n koffiewinkel uithang? (Die tendens blyk aansteeklik te wees; ek sien deesdae ook dosente wat dit doen!) Een van ons klasmaats het selfs 'n rekening daar gehad (nie dat hy ooit ons uitgawes op sy rekening gelaai het nie). Ons het later eenvoudig "die gewone" bestel, en die kelners het dit gebring.

Na al die jare verbaas dit my steeds dat ons dit kon bekostig. Nie een van ons het regtig 'n inkomste gehad nie. Dalk is dit so dat die lewe eenvoudiger was "in ons dae"... Meer waarskynlik was ons verantwoordelikhede minder, sowel as ons uitgawes. Ons het nie te ver in die toekoms in gedink nie.

Café Fiori bestaan nie meer nie. (Dit was tussen Dynamite Chicken en is tans Gin and Tapas. Ons vra nie te veel vrae oor die name nie.)

Maar die gevolge van die gesprekke wat destyds by Fiori gevoer is, duur steeds voort (soos 'n goeie Perfektum). Die meerderheid van ons klasgroep het steeds op 'n gereelde basis met mekaar kontak. As ons mekaar sien (vir 'n jeugkamp, 'n Klassis of Sinode) is dit asof ons nooit van mekaar geskei was nie. Ons gaan eenvoudig voort waar ons laas geëindig het.

Dit is seker die les wat hier te leer is: 'n Groot deel van ons opleiding as teologiese studente en predikante vind buite die klaskamer plaas. Die belang van goeie verhoudinge met jou klasmaats, en die belang van betrokke wees by jou plaaslike gemeente, is van onskatbare waarde.

Op die ou einde van die dag is dit die dinge wat 'n mens onthou: (gemiddelde) rugby en (goeie) koffie...



Boek Resensie oor Gereformeerde boeke – “The Necessity of Reforming the church” deur Johannes Calvin

- Alistair van Heerden

Meer as 450 jaar gelede het 'n versoek aan Johannes Calvin gekom om te skryf oor die karakter van en behoefte aan reformatie in die kerk van sy tyd. Calvin het dus 'n brief geskryf waarin hy die reformatie verduidelik en verdedig en dan uitbrei op vier punte wat voortdurend gereformeer moet word binne die kerk. Dit is hierin opmerklik dat Calvin die brief so benader dat dit baie belangrik vir sy konteks is maar ook vir elke ander konteks waar die kerk wegdwaal van God se Woord. In die brief spreek hy die probleem van sy tyd aan, die Roomse kerk en ook die probleem van alle tye, die sondige verval van die kerk.

Keiser Karel V het die konsilie van die Heilige Romeinse Ryk byeen geroep om in die stad Speyer in 1544 te vergader. Martin Bucer, die groot reformator van Strassburg, het 'n beroep op Calvin gedoen om 'n verklaring op te stel van die leerstellings en noodsaaklikheid vir die reformatie.

Calvin organiseer die werk in sy brief in drie groot afdelings. Die eerste afdeling word gewy aan die sondes in die kerk wat hervorming vereis. Die tweede beskryf die spesifieke oplossing en genesing vir daardie sondes wat deur die reformatore aangeneem is. Die derde wys waarom hervorming nie vertraag mag word nie, maar eerder hoe die situasie onmiddellike wysiging vereis.

In elk van hierdie drie afdelings fokus Calvin op vier onderwerpe, wat hy die siel en die liggaam van die kerk noem. Die siel van die kerk is die aanbidding van God en die gesonde leer van verlossing in Christus. Die liggaam is die twee sakramente van nagmaal en doop

en kerkregering wat spesifiek fokus op die Woordbedienaars.


Die regte aanbidding van God, argumenteer Calvin, is die persoonlike verhouding waarin die mens met die Here staan. Tussen God en die mens is daar een middelaar, die Here Jesus Christus. Die Here het die mens die vermoë gegee om in gebed na Hom te kom, die vernaamste deel van ons dankbaarheid. Calvin praat teen die Roomse dwalende instelling van die heiliges en verafgodding van Maria. Calvin stel dat geen persoon deur enige iets of enige iemand behoort te bid nie, behalwe in die krag van die Heilige Gees deur die enigste Middelaar, Jesus Christus tot God.

Die gesonde leer van verlossing is dat die Here Jesus Christus die menslike sondige geslag, wat God voor die skepping verkies het, kom verlos het van die sonde en hulle verhouding met God versoen het. Jesus Christus het die Here se regverdige toorn op Homself geneem. Hy wat die volmaakte offer is en die plek ingeneem het van sondaars, en deur sy dood regverdigheid bewerk het vir die wat glo in Hom. Calvin wys hierin dat werke geen plek het in die mens se verlossing nie, die mense het geen ereplek nie, verlossing is alleen uit die genadige hand van God. Hy gee uit genade geloof aan die wat Hy gekies het om in sy Seun te verlos.

Calvin wys deur die Skrif dat daar nie meer as twee sakramente deur die Here ingestel is nie. Daar is slegs net twee, naamlik die nagmaal en doop. Calvin verduidelik verder hoe die kerk selfs hierdie twee sakramente nie tot

hulle volle reg laat kom nie. Calvin beklemtoon 'n Bybelse handhawing van die nagmaal en doop soos die Here dit ingestel het.

Die laaste onderwerp waaroor Calvin skryf is die Woordbedienaars van die kerk. Hier spreek hy die goddeloosheid van die predikers van die kerk aan. Hy spreek aan hoe predikers nie hulle verantwoordelikheid van Woordverkondiging nakom nie. Hy spreek die dwaalleer aan van die wat wel die Woord verkondig. Hy spreek die seksuele immoraliteit en skuinheiligheid aan en maak 'n beroep op predikers om te bekeer na die Here toe.



Die groot oorsaak van die reformatie vir Calvin is gegrond in hierdie vier onderwerpe. Calvin stel dat all die probleme in die kerk is die wagdwaling van hierdie vier kern begrippe, en die gesondheid van die kerk lê in die herstel van die Bybelse waarheid van elkeen van hierdie vier begrippe. Calvin was 'n stryder vir die waarheid van die Here tot eer van die Here en hierdie brief van hom se doel is om ons as toekomstige predikers op te roep om die waarheid van God te bewaar. Soli Deo Gloria.

Good Neighbours Bookshop *Augustine Bookroom*

Die boek is te koop by Good Neighbours Bookshop en Augustines Bookroom vir R165.00

<https://www.goodneighbours.org.za/shop/uncategorized/necessity-of-reforming-the-church-the/>



“Beyond Good and Evil” van Nietzsche – ’n Meningsstuk

- Pieter Deysel

Inleiding en doelstelling

Het die lewe ’n doel? Vir ’n Christen het hierdie kort vraag ’n relatiewe kort antwoord. Ons lewensdoel is om God te dien en die diens aan God gee ook vir ons al die genot en troos wat ons nodig het om ’n betekenisvolle lewe te lei. Vir Friedrich Nietzsche, een van die invloedrykste ateïstiese filosowe van die afgelope paar eeue, is hierdie vraag egter nie so eenvoudig nie. Hy het nie in God geglo nie, maar hy was ook ongewillig om die doellose bestaan te aanvaar wat deur die leemte van God veroorsaak word. Sy oplossing was dat die mens sy eie doel moet skep.

Hy het verskeie maniere voorgestel in sy uitgebreide werke om hierdie te doen. Sy oplossings het gestrek van iets so vanselfsprekend soos kuns en musiek tot iets so abstrak soos pure wilskrag. In hierdie opinie-stuk word daar gefokus op twee van die oplossings wat hy in sy boek, *Beyond Good and Evil* (1886), voorgestel het: die Wil tot Mag en die herskepping van waardes. Die boek bevat baie meer inligting en besprekingspunte as slegs hierdie 2 idees, maar dit sou onmoontlik wees om alles te bespreek in een kort artikel. U mag dalk wonder hoekom so ’n ou boek belangrik genoeg is om vandag nog te bespreek, maar ek glo dat wanneer hierdie idees bespreek word sal u sien dat hulle vandag steeds aangehang word deur diegene wat vyandig teen die Christendom is, selfs al weet hulle nie dat hierdie idees afkomstig van Nietzsche is nie.

Die Wil tot Mag.

Volgens Nietzsche kan omtrent alles wat die mens doen se motivering teruggetrek word na

Die Wil tot Mag. Die Wil tot Mag is die mens se behoefte om beheer oor iets te kry of om meer krag te bekom. ’n Mens se gedagtes as jy hierdie idee hoor gaan direk na politieke of militêre mag toe. ’n Mens dink aan diktators en konings wat oorloë voer om hulle beheer en invloed uit te brei. Die Wil tot Mag strek wel heelwat verder. As jy meer beheer oor jou emosies wil kry word jy gemotiveer deur die Wil tot Mag. Jy wil meer beheer oor jouself uitoefen. As jy genot nastreef d.m.v. ’n hedonistiese leefstyl is dit Wil tot Mag. Jy wil beheer oor jou genot uitoefen. As jy ’n stabiele werk wil hê is dit omdat jy beheer wil hê oor jou eie lewe. Wanneer jy studeer of filosofer is dit omdat jy kennis en insig wil beheer tot voordeel van jouself ensovoorts. Op hierdie manier kan alles wat die mens doen en alles wat hom motiveer teruggetrek word tot die Wil tot Mag.

Selfs die Christendom en sy waardes word deur die Wil tot Mag gemotiveer. Die vroeë Christene het nie baie mag gehad nie. Omdat hulle arm was, het hulle nederigheid in ’n morele waarde verander. Hulle het nie die krag gehad om iets te doen aan die mense wat hulle vervolg het nie, gevolglik het hulle gepraat dat jy die ander wang moet draai. Omdat die Christene nie beheer oor ander kon uitoefen nie, het hulle sagmoedigheid in ’n waarde verander. Die Christene kon nie hulself red nie, dus het hulle gepraat dat jy afhanklik van God moet wees. Die voorbeeld is eindeloos. Op eerste oogopslag kom dit weersprekend voor om te sê dat ’n Christen se nastrewing van magteloosheid deur die Wil tot Mag gemotiveer word, maar volgens Nietzsche was dit die enigste manier vir die vroeë Christene om beheer oor hulle omstan-

dighede te kry. Omdat hulle nie hulle omstandighede kon ontsnap nie het hulle ’n konteks geskep waar hulle omstandighede prysenswaardig is. Hulle het dus ’n morele sisteem geskep waarin hulle ’n betekenisvolle lewe kon lei ten spyte van hulle omstandighede.

Nou kom die vraag, hoe gee die Wil tot Mag vir my lewe betekenis? Deur beheer uit te oefen oor jou omstandighede kan jy vir jouself ’n konteks skep waarin jy betekenis kan nastreef. As arm, vervolgde Christene dit kan regkry, kan jy ook.

Die herskepping van waardes.

’n Ander opsie, deur Nietzsche voorgestel, om ’n betekenisvolle lewe kan lei is deur jou waardes te herskep. Die rede waarom hy hierdie nodig ag, is omdat hy die Christelike waardes wat op daardie stadium as die norm aanvaar was as onnatuurlik en anti-lewe gesien het. Die Christene wat hulle waardes geskep het om vir hulself betekenis te gee onder vervolging het deur die loop van geskiedenis in ’n heersers posisie getree. Nadat hulle in beheer gekom het, het hulle die Christelike moraliteit ook as die norm ingestel. Volgens Nietzsche, pas hierdie waardes nie by moderne vrye mense wat aanbeweeg het van God af nie. Hy noem hierdie moraliteit Die Slaaf Moraliteit. Dit verhoed die moderne mens om werklik van hulle vryheid gebruik te maak en te floreer. Op hierdie manier is die Christelike moraliteit anti-lewe, want dit keer jou om die lewe in al sy vrye glorie te omhels. Dit hinder ook die vooruitgang van die samelewing want dit sit beperkings op uitstaande mense wat meer sou bereik het indien hulle nie die gewig van die Christelike moraliteit orals saamgesleep het nie.

Nietzsche stel voor dat in die plek van die Christelike Slaaf Moraliteit, moet die mensdom liewers ’n Meester Moraliteit skep. Mens kan die kontras tussen die Christendom en die Meester Moraliteit sien deur dit aan die Saligsprekinge van Matteus 5 te meet.

’n Meester is nie arm van Gees nie, hy bou homself op sodat hy kan floreer. ’n Meester wil nie treur nie, veral nie oor sy sondes nie, hy wil vir homself geluk skep. ’n Meester honger en dors nie na die geregtigheid van God nie, hy skep vir homself geregtigheid. ’n Meester moet nie barmhartig wees teenoor iemand wat ly nie, die persoon wat ly moet sterk genoeg wees om ook ’n meester te word. Die Christelike gedagte van reinheid pas nie by die Meester Moraliteit nie. Dit sit beperkings daarop. ’n Meester sal ook nie vrede maak as die vrede ten koste van vooruitgang is nie. Laastens sou Nietzsche dit as belaglik geag het om die vervolging en belediging van jouself as ’n bate te sien. Hy sou die moontlike krag wat die oorwinning van vervolging bring as goed sien, maar nie vervolging self nie.

Om hierdie gedagte op te som, as jy ’n betekenisvolle lewe wil lei moet jy jou waardesisteem her-evalueer en waardes instel wat jou bevoordeel. Jy moet krag, dominansie, vryheid en die nastreef van wat vir jou geluk bring of jou sterker maak instel as die goeie en as jou lewensdoel, dan mag jou lewe net dalk verrykend wees en iets beteken.

Die Christelike reaksie.

Nietzsche se wyse om vir jou lewe betekenis te gee sonder God is hard en die gevolge daarvan sal grusaam wees. Ons is nog nie op die punt waar hierdie hardheid gepraat word as die norm nie, maar hoeveel mense propageer nie hierdie as ’n lewensdoel nie? Hoeveel mense betree nie die besigheidswêreld met ’n maak dood of gaan dood mentaliteit nie? Die sondige aard van die mens maak die lewe moeilik genoeg sonder dat daar aktief as ’n norm gepraat word dat jy moet hardheid nastreef as ’n lewensdoel. Hoe gaan hierdie hardheid enige verligting vir enigiemand bring? As almal mekaar te naktien ten voordeel van hulleself gaan daar net ’n hele klomp bitter en alleen mense bo wees met hartseer mense onder hulle. Hierdie scenario weerspieël reeds die werklikheid genoeg

sonder dat dit deur almal as eervol geag word. Nietzsche se Wil tot Mag en Meester Moraliteit gaan lei tot 'n handjie vol mense wat die glans van 'n lewensdoel het met vertrapte slawe onder hulle. Hoe gaan hierdie slawe enige troos of betekenis in die lewe kan kry, as die Meester Moraliteit deur sterker mense so ver buite hulle bereik geplaas word? Nie almal kan meesters wees nie, want 'n meester moet oor iets of iemand heers. Nietzsche sou voorstel dat jy in hierdie omstandighede oor jouself moet heers, maar om oor jouself te heers gaan nie die werklikheid verander waarin jy jouself vind nie.

Daar moet ook gevra word, hoe onnatuurlik is die sogenaamde Slaaf Moraliteit van die Christendom? Daar staan in Romeine 2 vers 14 en 15: "Wanneer heidene, wat nie die wet het nie, tog vanself dinge doen wat die wet vereis, is hulle vir hulleself 'n wet al het hulle nie die wet nie. Die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan. Ook hulle gewetens getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word." Dit is duidelik dat die mens 'n gewete het. Hierdie gewete getuig binne in jou dat genade en sagtheid reg is. Dit leer jou om genot en sukses ten koste van ander na te streef eenvoudig net verkeerd is. Nie-Christene ag dit ook verkeerd om iemand anders se besittings te steel. Nie-Christene ag dit ook verkeerd om ontrou te wees aan jou lewensmaat. Nie-Christene ag dit ook verkeerd om iemand dood te maak wat dit nie verdien nie. Die bewyse van ingebore moraliteit strek verder as hierdie handjie vol voorbeelde. Mense wat niks met die Christendom te make het nie deel hierdie Christelike waardes. Dit wil voorkom dat 'n gewete in die mens ingeskep word, en hierdie inskerping van 'n gewete getuig reeds van die bestaan van God. Ons lees in Romeine 1 vers 22 dat mense wat hierdie ignoreer maak of hulle wys is, maar hulle is in die werklikheid dwaas. Hierdie gewete wat vooraf ingeskep is, maak jou

egter nie goed in jouself nie, want dit keer jou nie om te struikel en te sondig nie, maar dit maak jou bewus dat jy struikel en sondig.

Die gewete van die mensdom en die feit dat Christelike waardes nagestreef word deur heidene beteken dat die Christelike waardes nie so onnatuurlik is soos wat Nietzsche gedink het dit is nie. Die feit dat waardes binne die mens bestaan getuig van 'n Skepper wat dit in hulle geplaas het. Die feit dat die mens nie hierdie ingebore waardes deur hulle eie mag genoegsaam kan uitvoer nie getuig dat die mensdom hierdie Skepper se genade nodig het.

Gevolgtrekking.

Nietzsche se Wil tot Mag en Meester Moraliteit is nie goed nie en dit word nie deur die algemene mens as goed geag nie. Dit wil voorkom dat dit onnatuurlik is, en die Christelike waardesistiem meer natuurlik is as Meester Moraliteit. Omdat dit onnatuurlik is gaan diegene wat dit nastreef net so bitter word soos wat hulle die mense gaan maak wat hulle gaan vertrap in hulle nastrewing van 'n betekenisvolle lewe. Die Christendom leer jou waardes wat die hardheid van die sonde verlig en dit gee jou die genade wat jy nodig het, omdat jy nie jou ingebore waardes werklik ten volle kan uitleef nie. As jy werklik 'n betekenisvolle lewe wil lei wat vir jou volkome en volhoubare tevredenheid en geluk bring kan jy nie die diens aan God vermy nie. As jy 'n betekenisvolle lewe sonder God probeer nastreef gaan dit slegs tot teleurstelling lei.

012 111 8360 | diens@helpendehand.co.za | www.helpendehand.co.za

VAN HART TOT HAND NA ANDER

Vir die gemeenskap, vanuit die gemeenskap

Wie is SOLIDARITEIT HELPENDE HAND?

1
ONDERSTEUNERS

Helpende Hand het tans meer as 206 takke in 12 streke om ons aktiwiteite so doelgerig en vaartbelyn as moontlik te maak. Ons het ongeveer 40 000 ondersteuners wat saamwerk om ons doel en stree te verwesenlik. Hierdie takke en streke maak nasionale, streek- en takprojekte h werklikheid.

2
FINANSIËLE KUNDIGHEID & EFFEKTIEWE ENTREPRENEURSKAP

Helpende Hand poog om finansiële kennis en opvoeding te gee, asook begrotingsadvies te gee. Verder is ons tot die bevordering van entrepreneurskap verbind. Die ontwikkeling van idees, asook die implementering en ondersteuning daarvan vorm die kern van Helpende Hand se veldtogte waarmee Afrikaner-gemeenskappe geleer word om te werk met dit wat hulle het en voort te bou op dit wat aan hulle toevertrou is.

3
BEJAARDES EN PERSONE MET GESTREMDHEDE

Bejaardes en persone met gestremdhede lê Helpende Hand na aan die hart en ons wil hulle graag ondersteun, bederf en vereer. Met ons Nasionale tak vir Gehoorgestremdheid en projekte soos Seniors-in-aksie en #HelpHoor poog ons om 'n volhoubare verskil op 'n praktiese vlak te maak in hierdie kwesbare mense se lewens.

4
#HELPJAG

Die #HelpJag-veldtog se doel is om wildsvleis aan te tend en te verseker dat proteïene daaglik deel van 'n behoeftige kind se maaltye uitmaak, sodat hulle gesond en gelukkig grootword. Die #HelpJag-veldtog het 6 550 behoeftige kleuters in 2018 van gebalanseerde maaltye voorsien.

5
SKOOLTASSIEPROJEK

Die Skooltassie-projek verseker dat tassies met skryfbehoeftes aan graadens voorsien word en gaan elke jaar onverpoosd voort. In 2019 is 5 000 tassies uitgedeel. Hierdie inisiatief is 'n vlagskipprojek wat wyd bekend is en 'n reuseverskil in die lewe van kinders maak.

6
#HELPHETTA

Die #HelpHetta-projek verskaf sanitêre ware en higiëniese produkte aan 3 500 meisies regoor Suid-Afrika. Met dié projek poog ons om meisies holisties te ontwikkel deur onder andere emosionele en geestelike toerusting te verskaf op 'n #HelpHetta WhatsApp-lyn. Met die #EklWondermeisie-veldtog, wat ons in samewerking met AfriForum loods, wil ons meisies op 'n emosionele en fisiese vlak toerus vir die uitdagings wat hulle in die gesig staar.

7
FROUEVONDS

Vroue is die hartklop van ons samelewing. Met die VroueVonds wil ons vroue help om die struikelblokke wat hulle verhoed om voluit vrou te wees te oorkom. Met opleidingsprojekte en inisiatiewe soos #Boesemvriendinne wil ons die gapings help vul en brue bou na 'n beter lewe. "FroueVonds" word met opset verkeerd gespél om aan te pas by ons leuse: "want alles loop nie altyd reg nie".

8
ONS WINKELS

Toe die Ons Winkel-afdeling in 2015 ontstaan het, het ons nie gedink hierdie konsep sal so suksesvol wees nie. Vandag kan ons met dankbaarheid sê dat daar al meer as 100 Ons Winkels landwyd is. Die winkels dra by tot verskeie projekte, byvoorbeeld Ons Plek en studiefondse, en skep ook werksgeleenthede vir winkelkontrakteurs en hul personeel. Die inisiatief dra by tot wonderlike netwerke in Helpende Hand.

9
STUDIETRUST

Ons het sedert 2009 reeds meer as R277 miljoen in hulpbehoewende studente se studiedrome belê. In 2022 strek ons doelwit verder en gaan ons voort om honderde hulpbehoewende studente met studiegeld te help.

10
INTERNASIONALE SKAKELING

Internasionale skakeling is 'n inisiatief van Solidariteit Helpende Hand wat daarop gemik is om fondse vir gemeenskapsontwikkeling in die buiteland te bekom.

11
#STOPHONGER & KOSBLIKKIE

Daar is tans meer as 8 000 kleuters wat deel van Solidariteit Helpende Hand se voedingsprojek. Die projek fokus daarop om behoeftige kleuterskole met koopbewyse vir kos te ondersteun. Besoek gerus www.stopphonger.co.za om meer van hierdie projek te wete te kom.

12
BEMAGTIG 'N KIND

Bemagtig- 'n Kind is 'n inisiatief om geleenthede vir behoeftige kinders moontlik te maak. Ons help om kinders uit armoede en uitdagende maatskaplike omstandighede op te hef, sodat hulle hul volle potensiaal kan verwesenlik. Hierdie fonds voorsien onder meer in behoeftes soos koshuisgelde, vervoer skool toe, remediërende onderrig en terapie.

13
TEKKIES EN TOKS

Tekkies en Toks is 'n inisiatief van Helpende Hand en die Vlokskop Stigting. Die doel van die projek is om tekkies en/of toks aan behoeftige hoërskoolleerders te skenk. Ons besef die belangrikheid van sport vir kinders op soveel vlakke van hulle ontwikkeling. Sport bied kinders nie net die geleentheid om fisiek gesond te wees nie, maar ook om emosionele en verstandelike te ontwikkel. Hierdie projek gaan oor meer as net skoene... Finansies moet nooit die rede wees dat kinders nie aan sport kan deelneem nie. koshuisgelde, vervoer skool toe, remediërende onderrig en terapie.

Hoe en waar kan jy HAND bysit?

1
SKENK

SMS die woord "hand" na 45763
(SMS'e kos R2)

en ons sal jou kontak. Jy kan ook 'n eenmalige bedrag aan Helpende Hand skenk.

Ons bankbesonderhede is soos volg:
Rekeningnaam: **Solidariteit Helpende Hand**
Bank: **FNB** | Takkode: **250 655**
Rekeningnummer: **623 314 45503**
Verwysing: **Die projek wat jy kies om te ondersteun**

2
ERE-ONDERSTEUNERS

Helpende Hand stel met trots ons ere-ondersteunersnetwerk bekend – 'n netwerk van ondersteuners wat almal ouer as 90 jaar is, asook ondersteuners met gestremdhede: 'n netwerk wat saam droom, glo en verstaan! Helpende Hand nooi almal bo die ouderdom van 90 jaar asook almal met gestremdhede, om gratis by ons as ere-ondersteuner aan te sluit.

Besoek
<https://helpendehand.co.za/ere-ondersteuner/>

3
VRYWILLIGERS EN ONDERSTEUNERS

Word as vrywilliger deel van die Helpende Hand-familie. Kontak jou naaste tak deur 'n e-pos aan diens@helpendehand.co.za te stuur of besoek www.sluitaan.co.za en word 'n ondersteuner wat maandeliks 'n bedrag skenk.



Is politiek in U lig moontlik?

- Dr. Pieter Mulder (politieke analis, en vir 30 jaar lid van die Suid-Afrikaanse Parlement)

Hierdie artikel het oorspronklik in die Maart 2022-uitgawe van Die Kerkblad verskyn en word met vergunning gebruik. E-pos tydskrifte@gksa.co.za om in te teken by die Kerkblad.

In die ingangsportaal van die Suid-Afrikaanse parlement word die ampstaf, wat die speaker se gesag verteenwoordig, in 'n glas kas uitgestal. Die ampstaf is versier met allerlei simbole. Een van die simbole is 'n oop boek bo-op die ampstaf.

Die gas wat ek deur die parlement neem, is beïndruk deur die goue ampstaf. Hy spreek sy dankbaarheid uit dat die huidige regeerders God as koning oor alles erken deur die Bybel die sentrale simbool bo-op die ampstaf te maak. Ek moet hom teleurstel. Ek verduidelik dat die oop boek nie die Bybel simboliseer nie, maar wel die Suid-Afrikaanse grondwet. Die Bybel is tans nie prominent in die parlement en in die politieke wêreld nie.

Christelike roeping

“Moet ons dan nie maar eerder uit hierdie godlose wêreld en politieke bestel onttrek nie?” vra hy aan my. “Het ons as Christene nog 'n roeping aan hierdie suidpunt van Afrika? Was dit nie dalk so bestem dat ons rol ná 1994 tot 'n tragiese einde moet kom nie?” voeg hy by. Ek verskil. As Christengelowiges durf ons nie so dink nie, en behoort ons te weet dat dit nie is wat God van ons verwag nie. 'n Gelowige se roeping in hierdie wêreld word nooit beëindig nie. Matteus 5:13-16: “Julle is die sout vir die aarde ... Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie ... Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”



Wat staan die gelowige dan te doen in 'n sekulêre politieke bestel?

Kom ons kyk wat gelowiges in soortgelyke situasies in die Bybel gedoen het:

- Mag jy byvoorbeeld onderhandel met 'n heidense owerheid oor sake wat jou en jou gemeenskap raak? Die Persiese Ryk was heidens. Tog het dit nie vir Mordegai en Ester weerhou om as gelowiges met die heidense vors Ahasveros te onderhandel nie. Hulle was suksesvol en het só die Jode gered. En die hand van God was met hulle (Ester 8).
- Hoe moet ek optree teenoor 'n owerheid waarmee ek geensins saamstem nie? God verwag nie dat jy moet stilbly nie. Getuig teen die owerheid as jy verskil. Maar Romeine 13:1-2 sê ook: “Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.” Wat 'n moeilike opdrag as jy in ag neem dat dit

- (voortgesit) aanvanklik aan die Christene in Rome, wat wreed vervolgt is, gerig was.
- Mag jy jou as lid van die parlement en in hierdie politieke bestel verkiesbaar stel? Die drie Joodse ballinge Sadrag, Mesag en Abednego is deur koning Nebukadnesar as goewerneurs in die provinsie Babel aangestel (Dan. 3:12). Hulle was dus op die betaalstaat van die heidense owerheid. Daniël was derde in rang in die koninkryk van die heidense koning Belsasar (Dan. 5:16, 29). Wat wel waar is, is dat toe die heidense owerheid van hulle verwag het om 'n beeld te aanbid, hulle gewillig was om eerder in die vuuroond gegooi te word as om God te verloën (Dan. 3:14-23).

Getuig waar jy kan – maar moenie goedkoop wees met jou getuie nie. Benut wel die geleentheid wat daar is. As jy in die parlement vandag 'n toespraak hou en na die Bybel verwys, kan jy negatiewe reaksie verwag. In 'n toespraak het ek Jesaja 40:31 gebruik: “... die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat” (Hansard 8/2/2006). Terwyl Christenlede aan regerings- en opposisiekant aandagtig na my geluister het en saamgestem het, het van die kommuniste en ateïste laggend en spottend gereageer deur “Halleluja” te skreeu.

Die Psalmdigter sê: “Die Here regeer vir altyd. Sion, jou God regeer van geslag tot geslag” (Ps. 146:10).

Hulle reaksie behoort eintlik te wees: “Hy sal altyd bly regeer. Halleluja! Prys die Heer.” Dit is die slotreëls van die tweede beryming van hierdie Psalm. In my ervaring in die parlement is dade of “goeie vrugte dra” baie kragtige getuie teenoor ongelowiges. Later jare, soos hulle my leer ken het, het hulle stil geword.

Gelowige en die kerk se taak

In parlementêre debatte en dikwels in die media word daar druk op gelowiges uitgeoefen om die gesag van die Skrif tot slegs die terrein van die kerk en die persoonlike lewe te beperk. Sodoende word die getuie van die Skrif verhinder om op die politieke terrein en die hele samelewing in te werk. Sommige gelowiges verkies dan om uit die politiek te onttrek. So 'n standpunt skep die indruk dat gelowiges se roeping net besig is met die verhewe dinge van die hiernamaals, maar dat hulle die “hiernoumaals” en die huidige samelewing aan die ongelowiges en godhaters uitlewer. Die ware kerk en gelowiges leef in hierdie hele wêreld en moet hulle roeping oral, ook in die politiek, uitleef.

My gas was nou wel teleurgesteld dat daar nie 'n oop Bybel op die parlement se ampstaf was nie, maar met die Bybel oop in die harte en lewens van gelowiges in die politiek en op alle terreine, kan ons steeds ons lig laat skyn en ook ons politiek beoefen In U Lig.



Petrus Waldo: 'n Vroeë hervormer

- Prof. Rikus Fick (met toestemming van Kruispad -
<http://www.kruispad.net/>)

300 jaar voor Luther se geboorte, het Petrus Waldo gelewe, een van die mense wat toe reeds die pad vir die Reformasie gebaan het.

As 'n mens van die Reformasie praat, dan dink jy onmiddellik aan prominente name soos Luther, Calvyn, Zwingli, ens. – manne wat in die vyftiende en sestiende eeu geleef en opgetree het. Ons moet egter nie vergeet nie dat daar voor hulle ander manne was wat ons ook “hervormers” kan noem, omdat ook hulle uit liefde vir die Woord van God en vir die waarheid openlik gepreek en opgetree het teen die wanpraktyke en valse leringe van die Roomse Kerk.

Een van hierdie vroeë hervormers was 'n ryk en geleerde handelaar van die stad Lyons in die suide van Frankryk. Sy naam was Petrus Valdès of meer bekend as Petrus Waldo (die Italiaanse vorm) en is meer as 300 jaar voor Luther gebore. Daar is ongelukkig nie veel bekend oor sy lewe nie, maar daar het blykbaar kort voor die jaar 1160 'n aantal dinge met hom gebeur wat hom tot besinning geruk en 'n groot invloed op sy lewe gehad het. Die geweldige rykdom van die Roomse Kerk en die weelde waarin die pous geleef het, het hom daartoe gebring om 'n groot deel van sy eie rykdom aan armes uit te deel.

Hy het spoedig die leier geword van 'n groep wat bekend gestaan het as die “Waldensers” of ook “die armes van God”. Hulle het as lekepredikers opgetree en het veral gepreek teen die weelde in die kerk. “'n Mens kan nie God en Mammon dien nie” was 'n gereelde tema in hul prediking. Hoe meer hy die Bybel bestudeer het, hoe meer het hy oortuig geraak

dat die wanpraktyke en valse leer van die Roomse kerk mense mislei. Hy het al hoe meer gepreek teen byvoorbeeld die leer van die vagevuur, 'n tipe halfweghuis tussen die hemel en die hel. Hy en sy volgelingen het streng gehou by die Bybel as enigste riglyn vir hulle lewe en vas gestaan op die waarheid dat daar maar een Middelaar is: Jesus Christus en dat daar maar twee sakramente was: die doop en die nagmaal. Uiteindelik het hulle ook die leer verwerp dat die pous 'n opvolger van die apostel Petrus was.

Vertaling van die Bybel in die plaaslike spreektaal

Kort na 1170 het Waldo twee geleerdes in Lyons gehuur en hulle die taak opgelê om die Nuwe Testament in die plaaslike spreektaal te vertaal. Dit was die heel eerste Bybelvertaling in 'n spreektaal toe slegs die Vulgaat, die Latynse vertaling van die Bybel, in die kerk toegelaat was.

Verbied om te preek

In Januarie 1179 het Petrus en enkele van sy volgelingen Pous Alexander III en van sy raadgevers in Rome ontmoet. Hulle het hulle leer voor 'n paneel uitgelê. Onderwerpe wat bespreek is, was onder andere die priesterskap van alle gelowiges, die evangelie in plaaslike spreektaal en die kwessie van armoede. Die gesprek het nie veel opgelewer nie, maar hy is verbied om te preek omdat hy nie 'n geordende prediker was nie. In Maart van dieselfde jaar is sy leer by die Derde Lateraanse Sinode veroordeel, maar in 1180 het Waldo 'n geloofsbelydenis opgestel.

Die aartsbiskop van Lyons verbied hom ook om verder te preek, maar hy antwoord dat hy nie kan stilbly as dit kom by die verlossing van mense nie. Hy word gedwing om ter wille van sy eie veiligheid ondergronds te gaan en sy troue volgelingen versteek hom vir drie jaar lank.

Verdryf uit Lyons

Waldo en sy volgelingen is uiteindelik uit Lyons verdryf toe die pous die aartsbiskop van Lyons beveel het om Waldo en sy volgelingen met alle mag teen te staan. In 1184 is Waldo deur Pous Lucius III geëkskommunikeer. Hierna moes die Waldense vlug en het gaan skuiling soek in die bergagtige dele in die noorde van Italië. Soos so dikwels in die geskiedenis van die kerk gebeur het, het hulle vervolging juis gelei tot die verspreiding van hulle leerstellingen soos hulle van plek tot plek moes vlug. Boonop het sy Bybelvertaling baie bygedra tot die verspreiding van die evangelie.

'n Vyand in prins Philippus Augustus

Die Waldense het egter in hierdie tyd 'n nog groter vyand gekry: prins Philippus Augustus van Frankryk wat die wapen teen hulle opgeneem het. Hy het 300 huise wat aan die Waldense behoort het laat afbreek, stede waar hulle saamgetrek was aangeval en verwoes en hulle moes na Vlaandere vlug.

Hy het hulle egter ook daarheen agtervolg en baie van hulle op die brandstapel laat sterf. Waldo het toe na Duitsland gevlug en in Boheem gaan woon tot met sy dood in ongeveer 1179. Sy werk en prediking was, soos 'n historikus dit beskryf het, die eerste trillings wat die aardbewing van die groot Reformasie voorafgegaan het.

Waldo se dood was egter nie die einde van die beweging nie. Waldensiese kerke het, ten spyte van volgehoue vervolging oral in Europa opgespring: onder andere in Duitsland, Oostenryk, Italië, Spanje, Bulgarye, Kroasië, Pole en Hongarye. Hulle invloed kan moeilik onderskat word. Toe die Reformasie in die sestiende eeu deurbreek, het die meeste van hulle Protestante geword.





Wat beteken die “liefde” in naasteliefde? Is dit ’n ongekwalfiseerde liefde?

- Ds. Ruan Combrink

Hierdie artikel het oorspronklik in die September 2020-uitgawe van Die Boodskapper verskyn en word met vergunning gebruik. Vir die volledige uitgawe: <https://apk.co.za/tydskrifte/>

Die gebod

Die Here Jesus som die wet soos volg op: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Mt. 22:37-39).

Oor die eerste en groot gebod is daar nie veel debat onder gelowiges nie. God is immers goed, Hy is getrou en regverdig en sal die werke van sy hande nooit laat vaar nie. Dit is oor die tweede, wat aan die eerste gelykstaan, wat gelowiges dikwels verskillende sieninge het. Mense is immers nie getrou of regverdig nie. Mense laat ons in die steek, kom ons te na en tree selfs vyandig teenoor mekaar op, want die gevalle mens is van nature geneig om God en sy naaste te haat.

Die innerlike stryd

Wanneer onreg en boosheid aan die orde van die dag is, kan dit maklik gebeur dat gelowiges met iets soos naasteliefde kan worstel. Hoe kan ek lief wees vir iemand wat ’n gruwelike plaasmoord uitvoer? Daar ontstaan dus ’n innerlike stryd rondom die gebod oor naasteliefde. Die Gees van God dring die gelowige om die gebod na te kom, maar die sondige natuur wil haatdraend optree teenoor almal wat goddeloos is.

Die maklike manier om hierdie innerlike stryd op te los, is om op die “naaste” in naasteliefde te fokus. Ons definieer “naaste” dan só dat dit dié insluit vir wie ek bereid is om lief te wees en om uit te sluit dié wie ek wil haat.

My naaste word dan beperk tot my gesin, my bloedverwante of my volksgenote en siedaar!

Hierdie oplossing blyk heel goed te werk totdat ek my trompop in die Here Jesus se uitspraak in die bergrede vasloop. In Mattheüs 5 eis Christus meer van ons as net liefde vir daardie “naastes” wat ek na gelang van my voorkeur verkies.

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (Mt. 22: 37-39)

Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervol; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. (Mt. 5:43-45)

Lees ons dít, is dit maklik om dan te verklaar: Wel, dit is onmoontlik! Hoe het ’n mens iemand lief wat roof en moor en steel en verkrag?

Sekerlik is dit geldig om iemand wat wreedaardige martelmoorde op die bejaardes van ons volk pleeg, as my vyand te beskou.

Hoe kan God dan van my liefde verwag vir so ’n vyand? Verwag God van my die onmoontlike?

Hierdie verse is ’n dilemma vir enige gelowige wat erns met die Woord van God maak, wat ’n Geesgedrewe behoefte het om aan God gehoorsaam te wees, maar wat ook besef dat God ’n regverdige God is wat geregtigheid eis en hierdie tipe gedrag verafsku. Die vraag is: Hoe balanseer ek God se liefde met sy regverdigheid in die uitleef van die opdrag om vir my vyand lief te wees?

Die oplossing is Bybelse liefde

Die antwoord op hierdie innerlike stryd lê nie in die definisie van wie my naaste is nie, maar eerder in wat met die liefde bedoel word. As jy reken dat jy jou naaste moet liefhê met ’n liefde soortgelyk aan die liefde wat jy in sepië en flieks sien of waarvan jy in boeke deur sekulêre (en ongelukkig dikwels ook Christelike) skrywers lees, sal jy altyd met hierdie dilemma sit. Geen mens kan so soetsappige, oppervlakkige liefde aan sy vyande bewys nie.

Die ander hedendaagse tendens is om liefde aan verdraagsaamheid gelyk te stel. Hierdeur kan jy jou eie gewete sus deur ’n openbare vertoning van wat jy jouself oortuig het ’n deug is. Om egter verdraagsaam te wees teenoor wat God nie verdra nie, is om jou plig tot weerlegging, bestraffing en vermaning te versuim (vgl. 2 Tim. 4:16). Om mense in hul sonde te los, is nie Bybelse verdraagsaamheid nie en beslis ook nie liefde nie!

Soek jy egter na ’n Bybelse definisie van liefde, vind jy ook ’n ontknoping vir wat vir jou na ’n onmoontlike opdrag lyk. Romeine 13: 8-10 stel die saak só:

Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat ’n ander liefhet, het die wet vervul. Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet.

Ons vind dieselfde gedagte ook in 2 Johannes verse 5-6:

En nou bid ek u, uitverkore vrou, nie asof ek u ’n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê. En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy gebooie.

Wêreldse liefde setel in die gevoel en die eie selfsugtige begeerlikhede van die sondige natuur. Dit bly gefokus op die mens en stel die wil van die mens bo die wil van God. Daarom sien ons hoe iemand in ’n fliek ’n verlowing kan verbreek en op sy troudag met die bruid se sussie wegloop. Sy gevoel vir die verloofde het gekwyn en intussen het gevoelens vir die sussie begin ontwikkel! As verskoning word aangebied: Die gevoel is onbeheerbaar. Daarom word hierdie Hollywood-tipe liefde beskryf met uitsprake soos: ‘Jy kan nie die liefde voorskryf nie’, of soos die moderne denker, digteres en filosoof, Selena Gomez, dit stel: “The heart wants what it wants.”

Bybelse liefde fokus egter op jou optrede, dikwels ten spyte van jou gevoel, want Bybelse liefde kom van God af en stel sy wil bo die wil van die mens. Jy mag dalk voel jy wil ’n taxibestuurder te lyf gaan, dit is jou natuurlike, sondige reaksie, maar die wet van God verbied dit. Jy mag dalk voel dat daar al soveel by jou gesteel is met oneerlikheid, dat jy maar self ook oneerlik gaan begin handel, maar die wet van God verbied dit. Liefde is om reg op te tree ten spyte van die gevoel, meer spesifiek, om volgens God se wet op te tree ten spyte van jou gevoel. Bybelse liefde vloei voort uit God en boots God se liefde na. Daarom is dít ’n liefde wat, soos God se liefde, die lewe as doelwit het. Dit doen die naaste geen kwaad nie, maar wil opbou en stig.

Daarom dat Christus die wet opsom as liefde vir God en jou naaste. Om die wet van God na te kom teenoor elkeen waarmee jy te doen kry, is om liefde teenoor daardie persoon te bewys.

God vereis nie van jou om 'n intieme vriendskap met jou vyand te vestig nie! Trouens, dit is dikwels makliker om die wet van God teenoor iemand na te kom as daar soveel afstand as moontlik tussen julle bly! God vereis beslis ook nie van jou om sondaars se goddelose optrede kritiekloos te aanvaar nie!

Bybelse liefde is nie warm gevoelens nie, dit is nie sentiment nie, dit is nie tere herinneringe nie. Hierdie dinge sal jy nooit voel teenoor jou vyande nie. Bybelse liefde is Bybelse optrede ten spyte van my persoonlike gevoelens (Lees gerus die immergewilde gedeelte oor die liefde in 1 Korinthiërs 13 en let op al die werkwoorde).

As ons dan 'n voorbeeld van Bybelse liefde soek, sê Johannes 15:13: *Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.*

Die Here Jesus het nie gevoel daarna om Homself as onskuldige oor te lewer om vir die sondes van ander gemartel en gekruisig te word nie. Hy sweet bloed in Getsémané as Hy die Vader vra om die beker by Hom te laat verbygaan. Tog tree Hy op ten spyte van sy emosies. Hy sterf vir mense en so versoen God sy uitverkorenes met Hom terwyl hulle nog sy vyande was (vgl. Rom. 5:10).

Wêreldse idees oor liefde verval dikwels in 'n blote toegee tot die sondige menslike natuur. Bybelse liefde is om deur die kragtige werking van die Heilige Gees te kies om die volle implikasies van die wet van God uit te leef, nie net teenoor diegene wat dieselfde aan ons doen nie, maar selfs teenoor diegene wat ons as vyande beskou.



WAT IS SCRIPTURA?

Scriptura is 'n aanlyn biblioteek wat poog om gelowiges, veral in die vier 'kategorieë' van **2 Timotheüs 3:16 & 17**, toe te rus:

“DIE HELE SKRIF IS DEUR GOD INGEGEE EN IS NUTTIG **TOT LERING**, **TOT WEERLEGGING**, **TOT TERE GWYSING**, **TOT ONDERWYSING** IN DIE GEREGTIGHEID, SODAT DIE MENS VAN GOD VOLKOME KAN WEES, VIR ELKE GOEIE WERK VOLKOME TOEGERUS.”

LERING

Skrifgefundeerde inhoud wat die gereformeerde leer verduidelik

WEERLEGGING

Apologetiese inhoud wat die Christelik-gereformeerde leer verdedig en antwoorde aan die publiek verskaf

TERE GWYSING

Bybelse riglyne en bespreking oor verskeie etiese temas

ONDERWYSING

Diverse inhoud om die gelowiges toe te rus met en deur die Woord

WAAR KAN JY SCRIPTURA VIND?

-  Besoek www.scriptura.co.za
Podsendings is op meeste potgooi-spelers beskikbaar.
-  Stuur geloofsvrae aan die outeurs & aanbieders na info@scriptura.co.za
-  Alle inhoud op Scriptura is gratis beskikbaar en ons wil dit graag so hou. Jy kan finansiële bydra tot hierdie bediening en die verspreiding van die Evangelie by www.scriptura.co.za/donasies

DIE HELE SKRIF IS DEUR GOD GE-ASEM

Man-wees volgens Die Bybel

- Begrond Instituut (<https://begrondinstituut.co.za/>)

Daar sal seker nie vanuit baie kante beswaar aangeteken kan word teen die volgende uitdagingende stelling nie: “Afrikaanse mans het tans ’n identiteitsprobleem.” Navorsing toon toeneemend aan dat seuns tans in hulle vormingsjare onder druk kom oor wie hulle nou eintlik is en wat hulle nou regtig mag wees.

Identiteitskrisis by mans

Die identiteitsprobleem by Afrikaanse mans kom eintlik al ’n hele ruk voor. Dit is te verstane dat daar soveel verwarring bestaan. Oplossings en skynoplossings word ook gereeld aan die hand gedoen. As ’n mens die probleem eerlik en ernstig wil benader, behoort ons te kyk na wat die probleem veroorsaak. Ons kan verskeie ideologieë opnoem wat ’n rol in hierdie identiteitskrisis gespeel het. Die drie belangrikste hiervan is die patriargie, die feminisme en apartheid. Die patriargie is waar die samelewing en huishoudings so deur ’n bepaalde siening van manlikheid oorheers word dat daar ’n skeeftrekking en teenreaksies ontstaan wat enige vorm van manlikheid wil afkraak en verdag maak. Mans sonder innerlike gesag is die gevolg.

Die feminisme is juis gebore uit die teenreaksie teen die patriargale samelewing. Die feminisme, veral in sy ekstreme vorm, oorskry verreweg die lyn om net vir vroue gelyke beregtiging te beding. Radikale feminisme staan in wese die ontmanning van die hele werklikheid voor. ’n Sigbaar manlose samelewing is die gevolg.

Die derde ideologie wat ’n wesenlike rol speel in die identiteitskrisis van Afrikanermans was apartheid – of meer korrek gestel, die post-apartheidbedeling.

Alhoewel die verskynsel van apartheid ’n baie komplekse werklikheid was, moet vir die doel van hierdie artikel wel een ding uitgelig word wat ’n wesenlike invloed op identiteitsontwikkeling by Afrikaanse mans het. Met die val van apartheid het die nuwe regime dit goed gevind om by uitstek Afrikanermans uit te sonder as sondebokke. “Wit” Afrikaanssprekende mans is afgemaak en afgekraak as die verpersoonliking van alles wat sleg en boos is.

Nuwe diskriminasie

Ongemerkt het daar ’n nuwe sosiaal aanvaarbare diskriminasie ontstaan wat Afrikanermans as onderdrukkende, selfsugtige oorblyfsels van die patriargie uitbeeld. Ten spyte van wat die werklikhede in baie gevalle behels het, het dit die gangbare omgang geword. “Wit” Afrikanermans het ’n nuwe bedreigde spesie geword.

Dit het veral twee reaksies tot gevolg gehad. Ten eerste het die “ouer ooms” begin stilbly. Hierdie generasie se stilte is egter deur die jonger geslag gehoor as ’n dawerende stelling oor skuld en skaamte. Die tweede gevolg was dat die “wit” Afrikanermans nóg harder en langer begin werk het. Teen die agtergrond van swart ekonomiese bemagtiging en inmenging van allerlei kante af met indiensneming het die druk net vererger. Die vrees vir werkloosheid het aanleiding gegee tot die vlug in oorwerkteid in.

Vaderloos in Afrikaans

Die onsigbare gevolg is ’n nuwe “vaderloosheid” in die Afrikaanse samelewing. Kortliks kom hierdie verskynsel daarop neer dat Afrikanermans so geteiken is dat hulle enigste gevoel van veiligheid in hulle beroepe self geleë is.

Wat egter nie hardop gesê word nie, is dat die tradisionele rol van mans in die gemeenskap, die “ooms” in die buurt, nie meer funksioneer soos in die verlede die geval was nie. Mans se betrokkenheid by hulle huisgesinne, by skoolbeheerrade, by kerkrade, by verskeie ander kultuur- en gemeenskapsake het ’n baie drastiese ander patroon begin inneem as in die verlede.

Hierdie tendense, naamlik die vaderlose of manlose gemeenskap, het op sy beurt weer verskriklik baie druk op vroue begin plaas. Dit is ook op sy beurt iets wat ongesê en ongesiens in ons gemeenskap kop uitgesteek het: vroue wat moeg geword het – nie omdat hulle nie hulle plek in die samelewing kan volstaan nie, maar omdat hulle ervaar dat hulle daaglikse pakkie net swaarder gelaai word. Almal is so beïndruk met bevryding en gelykheid dat niemand eintlik vra of die lading werklik regverdig tussen mans en vroue verdeel is in ons huidige samelewing nie.

Bestaan “manswerk” regtig?

Hierdie kort inleidende opmerking oor die probleem t.o.v. identiteit by Afrikaanse mans en die taakverdeling wat dááruit voortvloei en die verwagting wat vandag daarmee saamgaan, bring ons (weereens) by die uitdagende en miskien polities inkorrekte vraag: is daar dan so iets soos manswerk en vrouewerk? Voordat ’n mens dalk die vraag as oudmodies afklits, dink maar aan die etiese vraag vandag of daar regtig nog so iets is soos man-sport en vrouesport.

Hoe behoort ’n Afrikaanse Christen vandag oor hierdie identiteitsvrae te dink – veral as ’n mens regtig Bybels aan die saak wil aandag gee? Ons kan ’n paar handvatsels gee waarvolgens hierdie gesprek sinvol aangepak kan word. Hier volg ’n paar.

Vader-metafoor

Vaderskap is meer as ’n metafoor. Dit beteken as God van Homself praat as Vader, soos

wat Hy inderdaad doen, is daar meer op die spel as wanneer God net sou praat dat Hy soos ’n aardse pa sou wees. Dit is iets wat nie eintlik deur die post-moderne manier van dink in berekening gebring word nie.

God se Vaderskap is onties, wat beteken Hy vergelyk Homself nie maar met aardse voorbeelde nie, maar Hy is die Vader self. Hierdie implikasie is verreikend vir ons verstaan van wat Vaderskap is. God wil met ander woorde dat ons oor vaderskap dink vanuit wie Hy self regtig is as hemelse Vader. God wil ook metafore gebruik, maar dit volg uit die feit dat Hy is Wie Hy is.

Alfa-Woord, nie alfa-man nie.

Ons kan dieselfde punt ook verduidelik vanuit Joh. 1:1: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God.” Die betekenis van menslike woorde (soos om van pa-wees en man-wees te praat) is nie bloot in menslike konvensie geleë nie, met ander woorde dat ons as mense met mekaar ooreengekom het wat dit nou eintlik beteken om ’n “pa” te wees nie.

Die betekenis van woorde lê ten diepste veranker in die Woord van God. Die Woord van God was in die begin. Die Woord van God is gerig op God. Die Woord van God is God self. Menslike woorde, en dus ook metafore, is nie bloot arbitrêr nie. Dit is juis wat die post-moderne taalteorieë beweer. Hulle sê daar is nie ’n “alpha”-woord nie. Hulle sê daar is nie ’n beginpunt van taal nie. Die Bybel leer anders.

Daar is ’n “begin”-Woord. Dit is God se eie uitspraak oor Homself. God se Seun is die alpha. Dit beteken dat die betekenis van woorde nie deur die mens (kultureel) toegeken word nie, maar dat betekenis ten diepste verbind is aan die bestaan van God self. Ons kort die terugkeer na die alfa-Woord, en nie die herrysing van die alfa-man nie.

God maak Homself volgens sy eie taal bekend as Vader. Sy taal is sy Seun. Sy Seun leer ons om reg te praat. Sy Seun leer ons deur die Heilige Gees om te kan sê:

“Vader”. Meer nog, Hy leer ons om te kan sê: “ons Vader”. Dit beteken Jesus Christus se Vader, en ons Vader.

Manlike mens

As ons hierdie selfde manier van dink nou toepas op “man-wees” dui die Skrif aan dat God die Vader, die mens, Adam, as sy seun geskep het. Ons lees dit onder andere in Lukas 3:38 “...Set, die seun van Adam, die seun van God”.

Adam is 'n mans-mens, maar juis uit sy seunskind-wees van God. Die eerste mens is juis geskep in 'n pa-seun-verhouding, naamlik God die Vader en die mens, Adam, sy seun. Hierdie verbintenis word in die Bybel die verbond genoem. God bind Homself aan die eerste mens as Vader.

Hierdie posisie van seunskind van God wees behels 'n liefdevolle dienswerk wat Adam vir en voor sy Vader moet verrig. Dit word ampsdiens genoem. Adam is aangestel as hoof van die mensdom. Hy kry – saam met sy vrou – verskeie opdragte van God, sy Vader en Skepper.

Vroulike mens

Die Here wys dat Hy die man-wees van Adam, as sy seun, ook verbind aan die vrou-wees van Adam se eie vrou, Mannin. Ons is gewoond om van Adam en Eva te praat, maar “Eva” was die tweede naam van die eerste vrou. Haar eerste noemnaam was Mannin. Ons kry dus verskeie benamings vir haar: Mannin, vrou, Eva.

Vir ons gesprek oor man-wees volgens die Bybel is dit belangrik om te weet dat God die mens(dom) geskape het as man en vrou. Manlike mens en vroulike mens. Die twee hoort bymekaar.

Dit beteken dat die man, Adam, as die eerste mens en verbondshoof nie waarlik mens kan wees of waarlik sy taak voor God kan uitvoer sonder sy vrou nie. Die man het die vrou nodig om regtig mens te wees.

Man-wees volgens die Bybel dra dus 'n baie ryk en diep simboliek met hom saam. Die man word deur God geskep om veral twee dinge uit te beeld.

Simbool van Skepper

Ten eerste: Die man dra die simbool van God die Vader as Skepper met hom saam. Hy dra die simbool liggaamlik, geestelik en as siel. Die man-mens moet dus in die Skepping die Vader-wees van God duidelik maak.

Simbool van Hoofskap van Christus

Tweedens: Die man dra die simbool van Christus as die Hoof van die kerk, die gemeente. Hierin word die huwelik as instelling betrek. Die misterie is dat twee mense juis een kan word in 'n huwelik waarin God 'n geheimenis oor wie Hyself is as God bekendmaak. Die man moet dus die simboliese uitbeelding uitleef van Christus wat die Hoof is van sy vrou, sy bruid, die kerk.

Die stryd tussen mans en vroue in alle eeue en alle kulture spruit juis voort vanuit die verskeurde verhouding wat die sonde tussen God en die mens gebring het. Waar die band met God breek, daar begin die man juis 'n drogbeeld wys van wat hy veronderstel is om te wees. Twee uiterstes is al duidelik merkbaar in die geskiedenis.

Eerstens, soos vroeër genoem, tree die man in sy sonde dikwels op as die onderdrukker en ondermyner van die vrou. Tweedens, wat ook deesdae besig om as die absolute maatstaf aanvaar te word, is die manlike mens se waarde slegs geleë in die ontkenning, onderdrukking en ondermyning van homself as man. Die anti-held en die feminisering van manlikheid in die post-moderne kultuur is hiervan sprekende voorbeelde.

Die man-wees en vrou-wees van God die Vader se oorspronklike bedoeling in die skepping word slegs herstel deur die koms van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees. Jesus Christus is die eintlike en ware man.

“So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewendende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel. Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense. En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra.” 1 Kor. 15:45-49.

Hierdie paar Bybelse lyne is gegee as handvatsels vir die man wat deesdae onder so veel druk verkeer.

Wat beteken dit egter prakties?

Die man is simbool van die beeld en heerlijkheid van God. Die beeld van God is nie gender-neutraal nie. Intendeel – die man kan slegs man wees in verhouding tot die geskiedenis van die vroulike mens. So wys God dat Hy as Skepper nie wil bestaan of bekend staan sonder sy skepping nie.

God die Vader is geen kinderlose God nie. Dit is juis wat van 'n man ook 'n pa maak: kinders. God die Vader wil bekend staan, en bekend gemaak word, deur sy kinders. Dit doen Hy deur sy eie Seun, Jesus Christus, en die Heilige Gees wat die gelowiges juis weer kinders van God maak deur in hulle te kom woon.

Uitstel van debat

Afrikaanse Christene moenie die genderdebat probeer vermy of uitstel nie. Ons kan met geloof en vertroue aan die debat deelneem. Die Christenmans moet ook praat en gehoor word.

Ons mag – en moet – sê dat die sonde ook ons man-wees en vrou-wees aangetas het. Ons moet dit nie probeer wegsteek of verbloem nie.

Die twee uiterstes van patriargie en feminisme is ook kultureel by ons te vind.

Maar, en dit kan ons ook sê, maar Goddank – in Christus hoef ons nie slagoffers van sondige tradisie of nuwe ideologie te wees nie. In Christus kan 'n man(s)-mens sy naam, sy roeping, sy plek en plig weer ontdek en uitleef. Afrikaanse mans moet hulle veral daarop toelê dat die man die simbool van die Vader as Skepper dra – asook die simbool van Christus as Hoof.

Wees vir 'n slag weer die hoof

Hoofskap is nie oorheersing (dominansie) nie. Hoofskap is nie verbloemde en beledigende selfsug nie. Hoofskap is nie iets om te vermy of om verskoning voor te vra nie. Hoofskap is 'n geskenk. Dit is 'n gawe, maar dit is ook 'n opgawe. Slegs deur hulle eie hoofskap ernstig op te neem, deur Jesus Christus se hoofskap simbolies in die samelewing en gemeenskap uit te leef, kan die Afrikaanse Christenman weer sy regmatige plek voor God en sy vrou, voor mede-mans en mede-vroue as medemense inneem.


Dit is nie nou die tyd om stil-stil jou hoofskap te ontken nie. Dit is juis nou die tyd om jou hoofskap weer op te neem. Om juis nou – in hierdie oorverdowende geraas van ideologieë – die stem te wees wat weer man-mens wil wees. Die Afrikaanse gemeenskap, ja die hele wêreld, kort weer manlike mense wat hulle ampsdiens in Christus ernstig opvat om hoof te wees. Dis die man se werk om hoof van sy vrou en huis te wees (Efesiërs 5).

Sonder verskoning. Sonder beskuldiging, maar met vertroue op God die Vader, wat juis só deur sy kinders bekend wil staan.




Calvyn Jubileum Boekfonds


Die volgende boeke, gepubliseer deur die Calvyn Jubileum Boekfonds, het onlangs verskyn en is beskikbaar by die Administratiewe Buro (bestellings@gksa.co.za).




Vertaling uit Nederlands
- Ds. Gerben Meijer



Herdruk van die 1949 uitgawe
- Prof F. Postma, Eerste rektor van die PU vir CHO



Afrikaanse vertalings van Calvyn se kommentare op Galasiërs en Efesiërs



Ds. Eric Kayayan skrywe die volgende oor Calvyn se kommentare in Afrikaans:

“Hoewel die Seun van God immers aan al sy volgelinge gemeenskaplik hierdie reël voorgeskryf het, naamlik dat hulle moet kies om onder die vaandel van sy kruis die stryd te voer eerder as om saam met die wêreld te oorwin, word daar tog uiters weiniges gevind wat gereed is om sodanige stryd te voer.”

Hierdie woorde van Calvyn aan die Hertog van Württemberg in 1548 regverdig ongetwyfeld die keurige vertaling van sy kommentare oor Paulus se briewe aan die Galasiërs, Efesiërs, Filippense en Kolossense in Afrikaans en die publikasie daarvan. Daardie Christene was immers destyds mense wat op die een of ander manier moes leer om die stryd onder die vaandel van Christus se kruis te voer.

Die wens word uitgespreek dat hierdie belangrike stap in die verdere bekendstelling van Calvyn se werk aan Afrikaanse lesers 'n beduidende bydrae sal lewer tot die toerusting van gelowiges wat – soos hul voorgangers – ook bereid is om hierdie geestelike stryd te voer.

Eric Kayayan, Frankryk

Franse sendeling, Foi et Vie Réformées (Reformed Faith and Life),
Calvynkenner, lid van die Presidium van die Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing (ICCR)

Calvyn se kommentare oor **Filippense en Kolossense** is besig om voorberei te word vir druk en sal weldra verskyn.

Daar word ook oorweeg om Calvyn se **Institusie van die Christelike Godsdiens** te herdruk, hou dus hierdie spasie dop!

GK Daspoort nooi u
hartlik uit na ons eerste

DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Tema:

Die HEILIGHEID van God

10-12 Junie 2022

Gereformeerde Kerk Daspoort

728 Jenningstraat
Daspoort

Sprekers:

- Ds. Kosie Henning
- Prof. Henk Stoker
- Ds. Cobus Rossouw
- Ds. Piet le Roux
- Ds. Wiku van Rooyen

Registrasie is
GRATIS!

Wat beteken die
Heiligheid van God
vir jou as gelowige??



Registreer asb voor 3 Junie by
www.gkdaspoort.co.za/konferensie
om jou plek te bespreek!

Fanie Viljoen - 082 473 1552

Japie Venter - 082 823 8019

Veilige parkering / Kinderoppassers beskikbaar.



DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Die HEILIGHEID van God

Gereformeerde Kerk Daspoort

PROGRAM

10 Junie 2022

17:00 - 18:00	Ontvangs en inskrywings
18:00 - 18:30	Opening en verwelkoming
18:30 - 19:30	Sessie 1: Die Heiligheid van God gedefinieer - Ds. Kosie Henning
19:30 - 19:45	Pouse
19:45 - 20:45	Sessie 2: Sondaars voor 'n Heilige God - Ds. Cobus Rossouw

11 Junie 2022

08:00 - 08:30	Koffie en beskuit
08:30 - 09:30	Sessie 3: Wees Heilig, want Ek is Heilig - Prof. Henk Stoker
09:30 - 09:45	Pouse
09:45 - 10:45	Sessie 4: Die Heiligheid van God in gebed - Ds. Wiku van Rooyen
10:45 - 11:15	Pouse
11:15 - 12:15	Sessie 5: Die Heiligheid van God in die huwelik - Ds. Pieter le Roux
12:15 - 12:30	Pouse
12:30 - 13:30	Paneelbespreking oor praktiese vraagstukke aangaande die Heiligheid van God.

12 Junie 2022

09:00	Erediens met tema: Hoe ken ons die Heilige God - Ds. Kosie Henning
-------	---



Ons bak met passie

**Adres: Sol Plaatjestr. 7
Potchefstroom**

Tel: 018 294 4271

Turkstra (Outlet): 087 527 0029

E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za

www.turkstrabakkery.co.za




Ons wil van jou hoor!

Indien jy seker wil maak dat jy nie die volgende uitgawe misloop nie, kan jy aansluit by ons e-pos lys deur jou e-pos adres in die volgende skakel in te vul. Op hierdie selfde skakel is daar ook plek om voorstelle en gedagtes te deel met ons. Die Goue Kandelaar redaksie is tans klein en gaan deur 'n fase van verandering. Hierdie is die eerste uitgawe van die verandering wat ons wil implementeer (Sien Redakteurs brief).

Skakel: <https://forms.gle/CmtmxisNUS3fwaPcA>

Ons wil dankie sê vir die wat die tydskrif deur gelees het, ons is dankbaar vir julle tyd.



Buitebladontwerp deur Annelize Kriel (071 868 4688)
Illustrasie deur Gerard Moerdyk en Henry Watson, die argitekte van
die geboukompleks wat op 18 Oktober 1952 in gebruik geneem is.